
# GERARD MOERDYK – SY LEWE EN WERK

deur

C. A. COOPER

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS
UV



Library
Biblioteek
Laeborari

34300004845206
Gerhard Moerdyk : sy lewe en w

b162 35514

UV · UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UV BIBLIOTEEK EN INLIGTINGSDIENS
UFS LIBRARY AND INFORMATION SERVICES
BLOEMFONTEIN

| Please note: | Let asb op: |
| --- | --- |
| Fines are levied on late returns. Keep your receipt as proof of returning your books. Renew books on time. | Boetes word gehef op laat terugbesorgings. Hou kwitansie as bewys vir boeke terugbesorg. Hernu boeke betyds. |

Return on or before: Besorg terug voor of op:

| | | |
| --- | --- | --- |
| 05-03-2014 | | |

B 9

University Free State
34300004845206
Universiteit Vrystaat

# *GERHARD MOERDYK –*

*sy lewe en werk*

*deur*

*C. A. COOPER*

Skripsie voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad B.Arch. van die UOVS

DEPT. ARGITEKTUUR,

*OPGEDRA AAN MY OUERS*

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN
01 FEB 2013
UV SASOL BIBLIOTEEK

# DANKBETUIGINGS

PROF. ROODT VAN UOVS, vir die leen van die boek "The Life of Sir Edwin Luytens" deur Christopher Hussey asook vir al die raad en hulp wat hy tydens die skrywe van hierdie manuskrip aan my verleen het

MEV. SYLVA MOERDYK, alhoewel ek haar in lewe nie geken het nie, is ek baie dankbaar teenoor Gerard Moerdyk se vrou vir al die briewe, koerante en toesprake van haar man wat sy gehou het asook vir haar onvoltooide manuskrip by die RGN, Pretoria

MEV. IRMA VERMEULEN, dogter van Gerard Moerdyk, vir die praatjie oor haar vader en sy werk

MEVV. THERON EN AUSTEN, RGN, Pretoria, vir al die hulp aldaar verleen en die leen van foto's vir afdrukke

MNR. HENRY LOUW, vir die skrywe van 'n brief aan my oor die tydperk wat broer Wynand Louw en Moerdyk saam 'n praktyk gehad het

MNR. HARRY WATSON, destydse vennoot (1938 - 1955) van Gerard Moerdyk, vir die duidelike uiteensetting van laasgenoemde se werk, veral oor kerke

PROF. BURGER VAN UP, vir die leen van 'n groot aantal boeke, dokumente en koerantberigte van die argief van die Argitektuurskool aldaar

PROF. WILLIE MALAN VAN UOVS, vir die onderhoud, veral met betrekking tot die geldelike sy van Moerdyk se bouaannemerswerk

MEV. CORRIE VAN ROOY, suster van Gerard Moerdyk, vir die onderhoud

MNR. F. H. MOERDYK, jongste broer van Gerard Moerdyk, vir die onderhoud

MNR. C. ENGELBRECHT, Volkskas, vir die neem van foto's tydens besoeke aan klein dorpies in Suid-Afrika

MEV. I BRUGMAN, vir die tikwerk en vriendelikheid

MEV. R. E. HURTER, vir die naslaan van departementele inligting in verband met sertifikate wat aan Moerdyk uitgereik is

MY EGGENOOT, vir die bystand gedurende onderhoude te Pretoria, Potchefstroom, Bloemfontein en Johannesburg en die neem van foto's daar



GERARD MOERDYK

# GERARD MOERDYK: SY LEWE EN WERK


HOOFSTUK 1

Agtergrond, geboorte tot matrikulasie
Studiejare

HOOFSTUK 2

Terugkeer: Carnegiebeurs
Stasie : Johannesburg
Departement Openbare Werke

HOOFSTUK 3

Kerkargitektuur

HOOFSTUK 4

Openbare geboue
Kompetisies
Lys van geboue

HOOFSTUK 5

Benadering tot boukuns
Moerdyk, die Afrikaner

# HOOFSTUK 1

## AGTERGROND

Jan Leendert Moerdyk was die tweede seun van Baes Moerdyk van Op Z'n Zeeus in Nederland. Baes was die brood- en banketbakker van die dorp, 'n besadigde man wat hoog aangeskrewe was op maatskaplike, kerklike en kulturele gebied.

Van Baes se regstreekse familie het daar geen spoor in Nederland oorgebly nie. Sy oudste seun, Piet, het in die jare 1890 na Suid-Afrika geïmmigreer as onderwyser en hom in Rustenburg gevestig. Die derde seun, Marinus, het na Amerika gegaan en homself aldaar geheel en al met die Amerikaanse volk vereenselwig. 'n Enigste dogter het in die huwelik getree met 'n kuiper, ene Louis van Es, en hulle enigste dogter is kinderloos oorlede.

Jan Leendert was na beskrywing 'n groot, frisgeboude man met 'n trotse houding, brandrooi hare en baard en skerpsiende blou oë. Hy was streng Calvinisties opgevoed en ernstig van geaardheid maar kon tog opgeruimd en gesellig wees. Sy godsdiens het hy beoefen en uitgeleef tot aan sy dood. Hy was 'n gebore onderwyser en het altyd duidelik en nadruklik gepraat, waarskynlik heeltemaal onbewus van die feit. Hy het 'n onwrikbare morele kode aan homself gestel en dit ook van andere verwag en was moeilik vatbaar vir oortuiging. Hy het diegene wat nie sy sienswyse gehuldig het nie met 'n effe verhewe houding hulle gang laat gaan. Die rede vir hierdie karaktertrek moet gesoek word in die posisie wat hy gedurende die grootste tydperk van sy volwasse lewe beklee het. Hy het na Suid-Afrika gekom as „meester" en later was hy inspekteur van skole in die distrikte. Hy het nooit nodig gehad om in die stede met soortgelykes of meerderes op intellektuele gebied mee te ding nie. Iedereen het na hom opgesien, nie alleen vanweë sy groter kennis nie maar miskien nog meer vanweë sy standvastigheid en sy onpartydige pligsgetrouheid. Hy het die agting van sy medemens gewen en behou, maar nie die liefde nie. Hy was alom gerespekteer maar nie bemin soos sy vrou, Cornelia, nie. Hy was

die hoof van die gesin in die ware sin van die woord. Hy het hulle gestraf maar ook in volle mate geprys – tog was daar tussen hom en sy kinders nooit 'n intieme, vertroulike verhouding soos tussen die kinders en hul moeder nie.

Jan Leendert het, voordat hy aan president Kruger se oproep om onderwysers in Suid-Afrika gehoor gegee het vir Cornelia Dorst gevra om met hom te trou en saam met hom te emmigreer.

Cornelia Dorst is op 4 September 1867 in die stad Brouwershaven gebore, die eersteling van Katriena en skipper Leendert Dorst. Die skipper was nie tuis toe Cornelia gebore is nie en kon kwalik sy teleurstelling by die ontvangs van die nuus verberg. Hy wou 'n seun gehad het maar hy het meer plesier en vaderlike voldoening van sy eersgeborene dogter gekry as menige vader van 'n seun. Cornelia was haar vader se kind, stewig gebou met donker hare en vonkelende oë en sy het die lewe blymoedig tegemoet gegaan. Sy was van kleins af opgeruimd van geaardheid met 'n uitmuntende sin vir humor en tegelykertyd besiel met 'n ondernemingsgees en deursettingsvermoë waarvan haar lewensloop ten volle getuig. Op twaalfjarige leeftyd het sy saam met haar vader begin rondreis. Sy het graag gelees maar was andersins geen skolier nie maar aan boord van haar vader se skip kon sy alles doen – kook, was, stryk, stop, lap en brei. Skipper Dorst het homself nie bepaal tot reise langs die Maas en die Ryn nie maar het gevaar tot by die destydse St. Petersburg (Leningrad) om ware te bring en te haal. Haar vader se sterk invloed op Cornelia het haar gemaak wat sy later in Suid-Afrika geword het – 'n voorbeeldige pioniersvrou.

Gedurende 'n tydelike verblyf van die familie Dorst in die klein dorpie Ierseke het Cornelia haar hand en haar hart aan Jan Leendert Moerdyk gegee. Hy immigreer na Suid-Afrika in 1888 en aan die begin van 1889 het Cornelia Dorst haar verloofde na Suid-Afrika gevolg. Die plan was om met die handskoen te trou voor sy uit Holland sou vertrek maar weens die ongesteldheid van die regerende koning, Willem Alexander III, kon die nodige dokumente nie onderteken word nie. Cornelia het in Rotterdam aan

boord gegaan en die seereis was vir haar 'n genot. Sy was 'n welkome medereisiger want seesiekte het sy nie geken nie. Sy kon help hand bysit en was uiters gesellig van aard.

In die tweede helfte van Februarie, op 'n reënerige, mistige dag, het die skip in Tafelbaai aangekom. Daar was niemand om haar te ontmoet nie daar sy vir Jan geskryf het om homself die onkoste van 'n reis na Kaapstad te spaar, het sy dus self reggekom en is per trein vanaf Kaapstad na Kimberley. In Kimberley is sy volgens afspraak ontmoet deur 'n reisagent wat haar vertel dat daar fout ingesluip het en dat daar geen sitplek op die poskoets na Pretoria beskikbaar is voor oor drie dae nie. Sy wou self seker maak en is na die poskoets waar al die sitplekke inderdaad ingeneem is. Wag kon sy egter nie en het toe een van die oorblywende daksitplekke bespreek en met die balans vir die binnesitplek in haar beursie is sy bo-op die koets in die hittige Februarieson, stof en wind Pretoria toe. Jan het haar daar ontmoet en hulle is op 15 Februarie 1889 op Nylstroom in die eg verbind.

Jan Leendert is deur die raad van eksaminatore van die ZA Republiek 'n Certifikaat der Tweede Klasse toegeken op grond van sy Hollandse onderwysersdiploma en hy is met die beskeie salaris van £60 per jaar as een van die eerste leerkragte in die Bosveld aangestel. Hierdie taak het hy pligsgetrou vervul soos blyk uit die verskillende Certifikate van Verdienste op grond waarvan in die jaar 1890 'n honorarium van £10 en vir die daaropvolgende jare £20 aan hom toegeken is.

Op 4 Maart 1890 is die oudste seun, Gerard Leendert Pieter Moerdyk, gebore. Gerard het van sy moeder haar opgeruimde geaardheid, deursettingsvermoë en ondernemingsgees geërf en van sy vader die leergierigheid van 'n gebore akademikus en die standvastigheid in besluite of sake waar hy, as hy eers 'n standpunt ingeneem het, voet by stuk gehou het en nie omgegee het watter kritiek hy hom op die hals haal nie. Gerard het sy vroeëre skoolopleiding gehad in die distrik Waterberg, waar sy vader vanaf 1889 tot 1894 onderwyser was. In 1895 word sy vader as assistent-onderwyser aan die Staats Model Skool te Pretoria aangestel en in Maart 1897 as waarnemende inspekteur van skole. Hierdie aanstelling het meegebring dat die Moerdyks na die Oos-Transvaal verhuis het, waar hulle op Volksrust gewoon het toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het.

Gerard se vader is weg op kommando en met die sluiting van die skool het sy moeder 'n onderwyseres as goewernante vir die ouer kinders in die huis geneem. Die hele gesin is later na Amersfoort waar dit veiliger was en waar hulle gebly het totdat hulle na die konsentrasiekamp op Standerton geneem is. Gedurende die verblyf in Amersfoort is Gerard na 'n tydelike hospitaal waar sy blindederm verwyder is maar 'n dertig of meer jare later het hy 'n akute aanval van blindedermontsteking gekry waarvoor hy weer geopereer is deur Dr. E. Sthamer van Pretoria. Dit het geblyk dat die vorige dokter blykbaar benoud geword het en na die insisie nooit die blindederm verwyder het nie.

Die Engelse troepe het teruggekom en toe hulle weer deur Amersfoort trek, is die Moerdyks opgelaai konsentrasiekamp toe en die huis verbrand.



Gerard Moerdyk en sy vader

Vir ses weke het die gesin in 'n ossewa agter die Engelse leërs aan getrek. Tot sy dood toe het Gerard nog 'n litteken aan sy been gehad waar 'n koeël hom getref het toe die Engelse in 'n skermutseling met 'n Boerekommando nie geskroom het om die wa as skuiling te gebruik nie. Die Moerdyks is by die konsentrasiekamp net buitekant Standerton, aan die suidewal van die rivier, afgelaai. Die indrukke wat die oorlog en swaarkry in die kamp op Gerard gelaat het, was van blywende aard; hy was maar nege met die uitbreek van die oorlog en het dus op 'n vroeë leeftyd kennis gemaak met smart, honger en die dood. Hy het later self aan sy vrou vertel: „Ons was ongeveer 'n jaar daar in die kamp. Die feit dat ons almal lewendig daar weer uitgekom het, was te danke aan my moeder se wysheid. Elke middag moes ons gaan miskoeke optel, wat my ma dan die volgende oggend gebruik het om vuur te maak onder 'n parafienblik. Daarin het sy ons klere gekook terwyl ons nakend in die tent gesit het en die luise, waarvan die ou Engelse militêre tente vergewe was, probeer aftrek en doodmaak. Die stryd teen die luise was onmoontlik. Daar het ek die plaag van Egipte – stof word luise – met eie oë aanskou. Ons was magteloos, ons was rou gevreet. In die tent langs ons s'n was 'n mev. Swart met agt kinders. Die agt kinders is in een week dood."

Gerard het vir hom werk by die slagplaas in die kamp gekry en as betaling al die derms en afval gekry, wat sy moeder dan vir hulle gaargemaak het. Cornelia het gou besef as sy haar kinders wou red, sy hulle uit die kamp uit moes kry en eindelik met behulp van Hollandse vriende in Pretoria, het sy daarin geslaag om met haar kinders en die goewernante weg te kom. Sy het gelukkig die huis wat hulle lank voor die oorlog in Pretoria gehad het, weer in die hande kon kry en daar het sy gewag op haar man of nuus van hom.


Na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902, het Gerard se vader teruggekeer en was hy vol blydskap om sy gesin heelhuids in Pretoria te kry. Gerard se vader het op sy erf in Villieria in 'n tent met 'n klein skooltjie begin maar mettertyd het die regering 'n man gesoek wat Hollands kon onderrig en in 1903 is hy aangestel deur die Transvaal Education Department.

In 1908 word hy aangestel by die Normaalkollege in Pretoria op 'n salarisskaal van £440 - £560 en in 1913 is hy aangestel as Inspekteur van Skole en hierdie betrekking het hy tot sy aftrede in 1926 behou.

Gerard was in daardie dae op skool by "Boys High" gehuisves in die gebou waarin die Staats Model Skool vroeër was. Die Departement van Openbare Werke het 'n wedstryd uitgeskryf, oop vir alle skoolkinders, vir 'n plan vir 'n nuwe skoolgebou. Die eerste prys is aan Gerard Moerdyk toegeken. 'n Noemenswaardige weerklank van daardie eerste tekenwedstryd is die feit dat die Regering in 1953 aan Gerard die ontwerp toegesê het vir 'n nuwe Sensus-gebou van sewe verdiepings wat op dieselfde terrein gestaan het as die destydse skool. Die Sensus-gebou is ongelukkig ondertussen gesloop.

Na die wen van die eerste prys het Gerard 'n verdere opdrag van die DOW gekry om die hele skoolterrein te ontwerp, wat hy tot so 'n mate van bevrediging gedoen het dat hy 'n pos as assistent-tekenaar in die Departement Openbare Werke aangebied is teen die salaris van £10 per maand. Hy was pas 16 en het nog nie die matriekeksamen afgelê nie, maar die versoeking om soveel ure net te teken was groot en hy aanvaar die betrekking wat hy behou totdat hy in 1910 na Europa vertrek vir verdere studies. Ondertussen het hy matriek deur deeltydse studies behaal – 'n goeie voorbeeld van sy deursettingsvermoë.

ZUID-AFRIKAANSE TAALBOND.



# EXAMEN HOLLANDS.

## HOGERE AFDELING.

*1907.*

*G. Voordijk*

*heeft dit examen met goed gevolg afgelegd in de Tweede Klas.*

*Namens het Bestuur,*

*P. J. G. de Vos.*

*Voorzitter.*

*Gew. D. Malan.*

*Sekretaris.*

Minimum voor de Tweede Klas: 45 pct.

SY STUDIEJARE:

Op Maandag, 4 September 1910 vertrek Gerard aan boord van die „Persië" van Kaapstad na Londen om daar sy grootste begeerte tot nog toe te verwesenlik, naamlik om argitektuur te bestudeer.

Hy skryf aan boord die eerste brief, gedateer 17 September, van 'n weeklikse korrespondensie met sy ouers. Hy beskryf onder meer in laasgenoemde brief die tyd wat hy in Kaapstad verwyl het as volg:

„Die Zaterdag ben ik met de zoon des huises naar Groote Schuur geweest. Wy namen een trein en gingen naar Rondebos toe moesten wy nog een paar lange lanen van eikebomen oplopen en kwamen eindelik by het histories gebouw aan; waar het ons gelukte, 't hart van de oppasser te vermurwen. Hy bragt ons door al de kamers en vertelde ons daar de biezonderheden van. Alles in en om het huis is prachtig mooi en word ook keurig onderhouden. Rhodes heeft er een heele dierentuin met leeuwen, tydens en enige ding wat die aarde oplever, er is een prachtige Botaniese tuin by. 't Geheel is uitgelegd tegen de helling van Tafelberg omring door dichte bossen van oude denne en pynbomen. 't is heerlik daar op die hoogte te staan onder die verbazend hoge bomen, men heeft er een prachtig uitzicht over de zee. De volgende dag (Zondag) gingen we achtereenvolgens naar de kerk waar een zekere Ds. Botha preekte, de museum, 't Parlementhuis, 't strand en de parken geweest."

Die ou Kaaps-Hollandse styl het Gerard getrek en na sy terugkeer het hy dit in die besonder bestudeer en ook 'n boek daaroor geskryf.

In sy volgende brief, gedateer 30 September, beskryf hy sy soektog na 'n losieshuis wat nie so duur is nie. Hy kry dan ook 'n kamer teen 18/- per week – die goedkoopste wat hy kon vind. Na 'n tydjie, toe hy meer touwys geword het, trek hy na 'n kamer teen 6/- per week, waar hy 6d vir ontbyt, 1/- weekliks vir gas en 2/6 vir wasgoed betaal. Sy brief bring ook teleurstelling oor die hoë pryse en onberekende onkoste wat sy studies sou veroorsaak. Hy het gehoop om alleen die aandklasse van die AA (Architectural Academy) by te woon waar die klasgelde £5/5/- per kwartaal beloop,

maar die hoof het daarop aangedring dat hy eers drie kwartale die dagskool bywoon. Na 'n mondelinge eksamen is hy direk in die vierde jaar geplaas. Dit het beteken dat hy vrystelling gekry het van die tweejarige Preparatory Course sowel as van die preliminêre eksamen, maar dat hy nog £16/6/- per kwartaal vir die drie kwartale by die dagskool ekstra moet betaal. Hierop het nóg hy nóg sy ouers gereken. Sy brief gaan verder:

„Pa kan niet begrypen hoe teleurgesteld ik was. Ik had zo dolgraag gehad dat ik Pa schryven kon dat de pryzen my meevielen maar nu dat alles my tegenvalt wist ik niet wat my te doen stond. Ik besloot my by de dag school aan te sluiten en betaalde £1/1/- subscriptie en £8/8/- halwe schoolgelden. Ik ontdek dat ik achter ben in sommige vakken en de meester vertelde my dat ik sommige lectures van lagere klassen bywonen moet, verder rade hy my aan ook de evening lectures by te wonen, dat mag ik nu voor niet doen dan kan ik eind volgende jaar (1911) toch myn Intermediate examen doen."

Hy wag in spanning op die terugkerende brief en op 18 September skryf hy hoe opgewek hy gevoel het na die lees van hulle brief met goedkeuring van sy optrede om wel in Londen te bly en albei klasse by te woon. Gerard was baie dankbaar teenoor sy ouers vir die groot opoffering wat dit van hulle kant sou geëis het om die ekstra geld by te bring. Gerard het hom hart en siel in sy studies gewerp met spoedige gevolge: eers was hy 7de uit die 28 maar gou daarna in 'n brief, gedateer 25 November, skryf hy dat hy eerste uit die 28 is en dat 'n perspektief van hom gefotografeer is en in die skool opgehang is. Die uitslae van sy studies was altyd goed en dikwels bo verwagting. Hy het die museums, geboue, kunsgallerye en alles wat Londen aangebied het met 'n intense belangstelling bestudeer en die kennis wat hy binne en buite sy vak opgedoen het was van opbouende aard en het meegehelp om sy karakter te bou, waarvan die fondamente reeds in die vroegste kinderjare gelê is.

Hy het die huislike lewe, die gesellige omgang met vriende en bekendes beslis gemis. Sy medestudente het vir hom weinig beteken met die uitsondering van Geoffrey Files, seun van die Engelse skilder,

Sir Luke Files. Hy skryf in 'n brief, gedateer 11 April 1911, dat hy saam met Geoffrey Files na Winchester is om geboue op te meet en sê onder andere:

„hy is een verbazend harde werker, niet zo slim en vlug, maar pakt alles met ernst aan dat het moet gelukken of het wil of niet. Ik dink niet dat ik ooit een vriend had waarvan ik hoger dunk heb."

Vir die ander studente was hy 'n vreemdeling; hulle het sy bekwaamheid erken en bewonder maar soos Files 35 jaar later op een van Gerard en sy vrou se reise oorsee gesê het:

„He was very reserved, we never really got to know him. We were all of one group, all Public School boys. He was younger than we were but far better equipped to absorb the lectures through his greater practical knowledge. He kept to himself and worked like a demon. But, he has changed now, he has become approachable."

Min het Files of sy ander medestudente besef dat Gerard se terughoudenheid nie te wyte was aan ongenaakbaarheid nie, want hy was gesellig van aard, maar dat dit geheel en al gemotiveer was deur omstandighede. Hy het nie die geld gehad om op sosiale gebied mee te lewe nie en boonop het die gedagte dat hy in sy eksamens kon druip as hy sy studies enigsins sou verwaarloos, hom soos 'n nagmerrie agtervolg.

Die drie weke van vakansie van Kersfees het aangebreek en Gerard is na sy oom in Ierseke, Holland. In sy brief, gedateer 22 Desember 1910, skryf hy:

„Maandag ging ik met Oom Cornelis naar den Haag naar Het Mauritz Huis de bul van Potter te sien. Die bul viel me tegen, maar er waren een paar van Rembrandt waar ik veel meer ogen voor had, die Simon in den Tempel is toch zoo prachtig. Holland is prachtig mooi. Et zy hier toch zulke idiale landschapjes, ib heb myn schilder dingen meegebrach maar kan van wege de regen niets doen."

Met sy terugkeer na Londen in Januarie 1911 het hy weer hard aan die werk gegaan. Behalwe die gereelde lesings was daar elke week besoeke

1/60 Winchester, Mass.

Geliefde Ouders.

Verleden Maandag arriveerden wy hier in Winchester waar wy alles in orde vonden en direct aan het opmeten gingen. Wy moeten 2. spellen op maten. Wolvesey palace en en. College. en hebben verbazend veel werk. 't wonen hier is heel duur en dus ~~zag~~ werken wy 10 uur daags. dan schryven en vergelyken wy onze. surveys. tot zowat 1. of 2 uur 's nachts. Gisteravond was het half drie eer we naar bed gingen. en daarby hebben wy nog vreeselijk slecht weer.

Wy hopen op Maandag avond klaar te zijn. De gebouwen zyn prachtig. Volgende week zal ik een lange brief schryven nu heelemaal geen tyd.

Dag.

Gerard.

Verbazend veel prachtige gebouwen hier allemaal heele oude. vooral kerken en kloosters.

[illegible] 13 Brechoek rd.
28 November

Gel. Ouders.
Nog gauw even
een kaartje naar huis.
Het examen onderwerp is
uit en is "a Group of
mortuary buildings in
connection with a cremato-
rium." Het is een heel
moeilijk onderwerp. Maar
dank zij mijn omzwerf-
ingen heb ik een
stuk of zeven-acht - van
die "Campo Santos" in
Italie en elders gezien.
Ook ben ik goed op de
hoogte met het crematorium
in Piere la Chaise in Parys
dus het zal best gaan
geloof ik.
Beste groeten
Gerard

aan geboue, argitektonies van geskiedkundige waarde, wat opgemeet, uitgeteken en beskryf moes word as deel van die opleiding. Daar was darem hoogtepunte wanneer hy van sukses kon skryf, soos in die brief van 13 Januarie waarin hy sê dat hy 'n soort beurs van £15 gewen het waarmee hy kon gaan reis. Hy het dit egter gebruik om klasgelde mee te betaal maar sy vader het belowe dat dit tot sy krediet bly as hy na afloop van sy studies wou gaan reis.

Dat die Intermediate-eksamen hom hoofbrekens besorg het, is duidelik sigbaar uit sy briewe want ten spyte van al sy ondervindinge kom hy telkens terug daarop. Daar was ondertussen besoeke aan kleinere Engelse stede, onder andere Winchester, Westminister, ens., waarheen die klas gereis het om geboue te bestudeer, asook besoeke aan industriële ondernemings.

In Junie 1911, skryf hy dat hyself saam met 'n mede-student, Van 't Hoff, gaan kyk het na die prosessie gepaardgaande met die kroning van Koning George V. Op 24 November skryf hy:

„Die eksamen is past afgeloop, en...altemits...altemits ook nie." Hy was huiwerig oor die uitslae omdat hy en twee ander van sy klasmaats eksamen eintlik 'n jaar voor hul tyd probeer aflê het. Daar was 160 studente uit Engeland en hulle het 4 dae lank 6 uur skriftelike werk gedoen met daaropvolgende mondelinge. Die uitslag kondig hy aan in sy volgende brief – ongedateer – naamlik dat hy deur is en 'n kabel wou stuur maar dat dit te duur was. Hy staan 17de in Engeland en in klassieke argitektuur eerste van almal.

Na afloop van die Intermediate-eksamen het Gerard gevoel dat hy homself beter sou kon bekwaam vir die eindeksamen as hy sy studiekring wyer uitsprei. Hy het as onderwerp vir sy tesis Franse en Italiaanse Renaissanceboustyl gekies omdat dit vir hom in sy latere praktyk in Suid-Afrika van meer waarde as byvoorbeeld, die Gotiese boustyl wou wees. Hierdie tesis moes van tekeninge en opgawes van opmetinge vergesel word. Hy besluit dus om na die vasteland te gaan waar hy beroemde geboue wou besoek en inligting aangaande sy onderwerp by die Ecole des Beaux Arts, in Parys en die

British School of Archaeology in Rome wou kry. Om homself 'n bietjie met die Franse taal vertroud te maak het hy en sy Hollandse vriend, Van 't Hoff, gaan loseer by 'n Franse weduwee, waar hy twee Engelssprekende Suid-Afrikaanse argitekte ontmoet. Hy onderneem dan ook sy studiereis saam met een van die twee, ene Colin Browne. Hy bly nog die eerste ses maande van 1912 in Londen en aanvaar 'n betrekking by die Britse PWD waar hy ontwerpe en tekeninge vir die aanbou van bediendekwartiere by Buchingham Palace maak en later werk hy in die kantoor van Sir John Simpson. Hy het laasgenoemde twee betrekkings aanvaar om geld te verdien vir sy toer na Europa.

Die Kersvakansie bring hy in Skotland deur waar hy ook geboue opmeet en tydens die Paasvakansie gaan hy en 'n paar studente na Canterbury waar hy „de mooiste en grootste katedraal van de wêreld" bestudeer. As studente van die AA kon hulle verlof kry om allerlei geboue te besigtig en op te meet. So het hy byvoorbeeld verlof gekry om St. Pauls in Londen te bestudeer. Hy en 'n vriend het gedurende sy laaste maand in Londen in Hampton Court gewoon waar hulle ook tekeninge gemaak het. Al hierdie tekeninge sou dien as proefstuk vir die Silwer Medalje waarvoor hy die vorige jaar nie kans gesien het nie.

Middel Julie 1912 vertrek hy uit Londen. Eers het hy 'n week in Holland vertoef en is toe deur België, waar sy vriend Browne hom ontmoet het, na Parys:

"9 Rue L Lomond<br>Pantheon<br>PARIS<br>8 Augustus

Gel. Ouders,

Deze hele week hebben wy prachtig weer gehad zoodat wy heelwat werk hebben kunnen doen. Ik heb hier een Mr. Ward ontmoet die een boek geschreeven heeft over de Franse Renaissance, een Engelsman en een eerste authoriteit in die styl ik had al twee van zyn boeken in Engeland gekocht. Hy heeft my heelwat geholpen en heeft my een lyst uitgemaakt van die voornaamste gebouwen die ik zeker moest bezoeken,

tezamen zyn wy naar Fontainebleau geweest een van de voornaamste bouwerken in de styl. Dan ben ik ook nog naar Versailles geweest waar het paleis van Louis XIV, 15 en 16 is, de grootste en een van die mooiste op de wêreld... Vandag was ik de hele dag bezig met een potlood tekening van Notre Dame te maken. Paris is een prachtige stad maar toch moet het in vele dingen voor Londen onderdoen".

Vanaf Parys het hy oor Turyn, Genoa en Pisa na Rome gegaan. Hier het 'n hele nuwe wêreld vir hom oopgegaan. Hy het in intieme aanraking gekom met die kunsskatte uit die vroegste tye, Romeinse oorblyfsels van tempel, paleise, Renaissance-geboue, ens. Hy skryf:

„Hier is verbazend veel dat uiterst intressant is. Al die Romeinse overblyfsels en Renaissance gebouwen die ik zo goed ken, ik voel my helemaal geen vreemdeling maar herdenk de dagen die ik zo hard zweten moest om ze uitmekaar te houden vanuit boeken en beschryvingen, ziet en voelt je zoon gebouw zelf en merk je zelf het merkwaardige en van op dan vergeet je het nooit meer. Verleden Zondag waren we naar Tivoli hier zowat een 20 myl vandaan waar Villa 'd Esta is, een byzonder mooie plaats, tis prachtig, er valt hier veel te leren en nuttig voor my als Z.A. omdat de gebouwen hiervoor de warmte ingericht zyn, het land is hier ewe droog, warm en stoffig als Z.A."

Alles wat Gerard in daardie dae gesien en waargeneem het, het hy onthou met die oog op 'n latere praktyk in Suid-Afrika, waar ons toestande so eenders is en waaroor hy later met die kompetisie vir die biblioteek in Johannesburg so heftig in opstand gekom het. Hy het in Rome sy seunsvriendskap met Gordon Leith hernuwe en hy ontmoet ook Anton van Wouw wat destyds in Rome besig was met die figure vir die Vrouemonument te Bloemfontein. Dit was vir Gerard 'n aangename maar ook uiters leersame vriendskap waardeur hy ook in die beeldhoukuns ingelei is. Vanaf Rome is Gerard na Florence, die bakermat van die Renaissance. Daar het hy sy kennis van dié boustyl terdeë verryk. Die tyd het egter begin min raak en die brief, gedateer 22 Januarie, kom uit Venesië. Vir die eerste keer gedurende al sy studiejare het hy in vervoering geraak, nie alleen oor wat die

stad op argitektoniese gebied presteer het nie, maar ook oor die stad self. Hy skryf:

„O wat is Venetië mooi! prachtig, heerlik, zo heel ander dan al het andere dat ik ooit gezien heb... geen straten dan andere straten, alleen net water".

Die Grande Canal, die paleise, St. Markus, die Maria della Salute, die Paleis van die Doge – alles het hom bekoor. Na veertien dae is hy verder na Padua en Verona en dwarsdeur Oostenryk, Switserland en Duitsland. Hy vertel dat hy in Verona, omdat dit 'n militêre stad was, een nag in die tronk gesit het. Hy was besig om 'n gebou met instrumente op te meet en hulle het gedink dat hy 'n Duitse spioen is. Eers die volgende oggend kon hy aan die direkteur bewys dat hy 'n student is.

Aan die einde van Februarie 1913 is hy terug in Londen vir die laaste skof aan sy studies. Hy het homself ontsettend gedryf en die werklike vreugde in sy studies het verdwyn. Hy was soos 'n styfgespanne snaar en hy het sy ouers begin voorberei op 'n moontlike teleurstelling. In 'n brief gedateer 6 Desember skryf hy dat hulle in die middel van die eksamen is en dat die finale ontwerp "A group of mortuary buildings in connection with a crematorium" is – 'n studie uit een van Wagner se operas, 'n hele poëtiese beskrywing van 'n Campo Santo. Die volgende week was die mondelinge en dat hy so seker was dat hy in sy prakties gedruip het en dat hy sê dat hy nie sonder 'n graad na Suid-Afrika terugkom nie en uitkyk vir 'n betrekking in Londen. Die laaste brief, gedateer 20 Desember, lui as volg:

„Gel. Ouers,

Ik skryf u deze keer dat ik van plannen veranderd ben en dat ik wel naar huis kom.

Ik ben de hele week in bed geweest, ze hebben een doktor laten komen, die raad my sterk aan uit Londen weg te gaan en de boeken voor eerst te laten staan. My gezondheid laat de laatste tyd veel te wensen over, ik hoest de hele dag lang. Ik sal zyn raad maar volgen, voor dat myn gestel voor goed ondermynd word. Naar Holland kan ik nu natuurlik niet gaan maar vertrek de 27ste met een Union Castle Intermediate.


Zoals ik reeds de vorige week schreef geloof ik dat ik in het praktiese gedeelte van myn examen gezakt ben. In myn theorie heb ik heel goed gedaan en zal alleen in zommige vakken van over moet schryven. Ik hoop dat u het niet te zwart beschouwd. Ik ben zeker as u de omstandighede wist dat u het dan kon begrypen. Het examen is eigenlik gemeend voor lui die al een tydlang in praktyk waren.

Ik wil geen excusies maken, ik had er door moeten komen. De examinatoren vertelden my dat myn onderwerp de "most artistic" was die op het examen gemaakt is, maar vertelden my ook dat ze konden sien dat ik nog nooit een huis gebouwd had.

Ik zal naar huis komen en voor de beurs proberen, en ik hoop het ook te krygen, de beurs is my meer werd as de A.R.I.B.A. Ik geef de graad niet op maar doe de aanvullings examen de volgende December hier in Engeland hoop ik.

Lieft. Gerard"

Voor sy vertrek na Suid-Afrika het hy met sy vriend Colin Browne, wat ondertussen getrou het en voorlopig in Londen sou bly, gereël dat, wanneer die resultate vrygestel word, lg. 'n kabel na hom in Kaapstad sou stuur. Toe Gerard in Kaapstad aankom na 'n mistroostige reis was die kabel ook daar om hom te begroet. Nie alleen het hy in al sy vakke geslaag nie, maar was in klassieke argitektuur eerste op die lys in die hele Britse Gemenebes.




Projek uit sy studiejare

# HOOFSTUK 2

## TERUGKEER: CARNEGIEBEURS

Na sy aankoms in Pretoria het Gerard 'n betrekking by die Departement Openbare Werke aanvaar en sou vandaar besluit watter stappe hy sou doen om homself in 'n eie praktyk te vestig. Hy het die hoop gekoester om die Baker-beurs te verower en dan weer terug te gaan na Europa, of miskien in Baker se kantoor in Johannesburg 'n betrekking te kry wat later miskien tot groter dinge sou lei. Hy het inderdaad later die Baker-beurs verower maar die toekenning is vanweë die oorlog gekanselleer. Hy was egter nog nie 'n jaar by die Departement Openbare Werke werksaam nie toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek. Sy dienste aldaar is as oortollig bestempel en hy was sonder 'n betrekking. Vanweë die oorlog het die boubedryf natuurlik tot stilstand gekom en daar was dus nie die moontlikheid van 'n eie praktyk nie.

Nadat hy die DOW verlaat het, aanvaar Gerard 'n betrekking as tekenaar by die Robinson Deep-goudmyn in Johannesburg, 'n pos wat hy tot etlike jare na die beëindiging van die oorlog behou het. Dit was in hierdie tyd dat Gerard sy vrou ontmoet het. Sy was die suster van die destydse minister Oswald Pirow en haar broer het Gerard as student die vorige jaar ontmoet. Die kennismaking het na etlike maande op 'n verlowing uitgeloop en hulle is in 1918 getroud. Sylva was vir hom al die jare tot groot hulp en het jare lank die korrespondensie en boekhouding van sy kantoor behartig. In lewe het sy begin om 'n boek oor Gerard te skryf, maar dit nooit voltooi nie. Sy het al haar werk en persoonlike briewe van Gerard bewaar, waaronder baie studentebriewe aan sy ouers asook inwydingsprogramme van kerke, besigheidsbriewe en berigte, waarsonder die skryf van hierdie manuskrip onmoontlik sou gewees het. Sy is ongelukkig voor die aanvang daarvan in Januarie 1973 oorlede.

Gedurende die tydperk vanaf 1914 waartydens Gerard by die mynkantore in diens was, het hy egter nie stilgesit nie en 'n boekie, „Kerkgeboue vir Suid-Afrika" saamgestel, geïllustreer met eie ontwerpe en perspektiewe

vir kerkgeboue. Hy het die boekie aan ds. Kestell asook aan mnr. van Wouw voorgelê en hulle het vir hom 'n baie bemoedigende voorwoord en aanbeveling geskryf. Die boekie word in hoofstuk 3 bespreek.

Gerard het die betrekking op die myn, alhoewel nie onaangenaam nie, baie sieldodend gevind met al die teken van mynkaarte. Dis te verstane, omdat hy pas gekwalifiseer was en vol drome van argitektonies ontwerpte geboue na Suid-Afrika teruggekeer het. 'n Sekere mnr. Neale, 'n Amerikaner en hooflandmeter by die myn, het hom egter vol moed gehou, het hy later teenoor sy vrou erken.

Min of meer gelyktydig met Gerard het Gordon Leith en Wynand Louw, albei argitekte, na Suid-Afrika teruggekeer. Gordon Leith het hom later in Johannesburg gevestig en Wynand Louw in die Kaap en albei het goeie werk gedoen vir die ontwikkeling van die boukuns alhier. Gerard Moerdyk het vanaf 1918 saam met Gordon Leith in Johannesburg gepraktiseer. Daarna was hy in vennootskap met Wynand Louw van Kaapstad en hulle het 'n kantoor in Bloemfontein geopen waar Henri Louw, Wynand se broer en pas gekwalifiseer, hulle verteenwoordig het. Geboue wat hulle saam opgerig het, is onder andere die Noordkerk en Sinodale Saal te Bloemfontein, die twee kerke op Reddersburg, 1927, en die Nederduitse Gereformeerde Kerke op Marquard, 1928, en Pietersburg. Na 'n tyd van aangename samewerking is gevind dat die twee vennote net nie die tyd kon maak om mekaar te sien nie, want elkeen was meer as besig; Louw in die Suide en Moerdyk in die Noorde. Die vennootskap is ontbind en Gerard het in 1924 sy eie praktyk in Pretoria begin.

Ondertussen het Gerard in 1920 die Carnegiebeurs vir navorsingswerk verower. Op grond van hierdie beurs het hy Kaapland toe gegaan en 'n intense studie gemaak van al die ou huise wat deur die eerste koloniste gebou is. Na afloop van die studiereis het hy 'n volledige verslag opgestel onder die inleidende opskrif: "The origin and development of the 'Old Dutch Style' in South Africa, and its influence on the architecture there." Hy het ook in verband hiermee personderhoude en lesings gegee. Hy het die ontstaan van 'n eie boustyl in Suid-Afrika bespreek in 'n toespraak in die Memorial Hall te Bloemfontein (1922) en het, onder andere, die volgende gesê:




Huis Douw van der Merwe, Pretoria



Manskoshuis by die PU vir CHO (gesloop)



Perspektief van eerste ontwerp vir Libertas



Skets vir Carnegiebeurs

„Architecture is the one art which comes into close contact with our daily lives. It also, most accurately, reflects our aspirations. The collective feelings of a people seem to flow into their architecture. There are always these two things to bear in mind, the practical and the beautiful, or the scientific (and the scientific) and the artistic and because architecture consists of these two elements, I say that it more accurately reflects the development and ideals of mankind than other arts which have less bearing on our lives. We have in this country a considerable number of buildings, left us by the founders of the South African Nation. These buildings are the only ones in this country, in which a thread of continuous growth is apparent and which show an individual style. When we talk about style in architecture, we mean the repeated use of certain features or motives which place such buildings in a class by themselves. I repeat, a style of architecture should reflect and simbolize the habits, beliefs and aspirations of a nation".

Hy analiseer die invloede op die oorblywende geboue as volg:

1. Hollandse invloed – aangesien die eerste en meeste koloniste van Hollandse afkoms was

2. Duitse invloed – 'n groot aantal van die amptenare en dienaars van die Oos-Indiese Kompanjie het van die provinsies aan die Ryn gekom

3. Franse invloed – die Hugenote is uit Frankryk gedurende haar grootste boutydperk en in daardie dae het Frankryk op kunsgebied die voortou in die wêreld geneem

4. Indiese invloed – 'n groot hoeveelheid Maleierslawe is in die boubedryf gebruik

5. Skeepsinvloed – die skepe van daardie tyd was meesterstukke van die houtsneekuns en elke skip het sy eie skrynwerkers aanboord gehad waarvan party in die Kaap agtergebly het

Nog 'n faktor wat die styl tipies Suid-Afrikaans gemaak het was die feit dat daar 'n minimum boumateriaal ingevoer is. Die lokale bakstene was

van 'n minderwaardige kwaliteit en die mure moes dus gepleister word. Gras en riete was die enigste bekombare dakmateriaal en om brandskade te verminder het die „brandsolder" ontstaan. Dit was 'n laag klei bo-op die plafon waarop die brandende kooltjies dan geval het. Later verval die grasdak en is die dakke plat en op dieselfde prinsipe as die brandsolder gemaak. Balke, deure, vensters en vloere is van inheemse kiaat, geelhout, stinkhout en kamferhout vervaardig.


Gerard het later in 1935 'n boek „Die Geskiedenis van Boukuns" die lig laat sien wat kortliks die ontleding van 'n gebou met 'n behandeling van die essensiële onderdele is, dan 'n saaklike bespreking van soorte geboue; 'n kort samevatting oor die oorsprong en geskiedenis van argitektuur met die verskillende style met 'n finale hoofstuk oor Afrikaanse argitektuur. Die Huisgenoot van 24 April 1936 en die Volkstem van 14 Desember 1935 gee 'n breër oorsig van dié boek, wat deur Van Schaik uitgegee is.

STASIE: JOHANNESBURG

In Ons Vaderland van 14 Januarie 1927 verskyn die berig dat Johannesburg 'n nuwe stasie gaan kry en dat twee argitekte aangewys is vir die ontwerp, naamlik Gerard Moerdyk en Gordon Leith.

In daardie dae is die meeste van die departementele geboue gedoen deur hulle eie mense en het ander praktiserende argitekte nie eintlik die kans gekry om sulke geboue te ontwerp nie. Die destydse Minister van Spoorweë en Hawens, Charlie Malan, het egter die ontwerp van die stasie onder groot weerstand weggeneem van die Departement en die opdrag aan bogenoemde argitekte gegee.

In bogenoemde koerant verskyn ook die wense van die publiek dat die spreuke op die mure van die wagkamer van die bestaande stasie behou moet word, aangesien dit op hout geverf is. Dit was dan die eerste taak, maar met verdere ondersoek het dit geblyk dat dié ou Hollandse spreuke nie net so op die mure maar wel op 'n doek geskilder was. Die doek is vervolgens sorgvuldig verwyder en na Olifantsfontein vervoer waar die ou letters onder Gerard se persoonlike toesig presies nagemaak is – sommige op blou en wit teëls vir



Binneperspektief van stasie

die teekamer, anderes bruin op roomkleurige teëls vir die wagkamers. Hierdie werk is gedoen deur 'n groep van agt opgeleide en besonder kunstige dames met mejj. Short en Mathley aan die hoof. Behalwe die teëls met die spreuke op, is daar nog ander gemaak van die wilde diere, inheemse plante en bome van Suid-Afrika, Boesmantekeninge, mense, Blank sowel as Nie-Blank, wat op die voorgrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn het, geboue van landsbelang, ens. – altesaam 6 000 teëls. In The Star en Die Burger van 16 Mei 1927 is die planne asook aansigte en buite- en binne-perspektiewe van die stasie gepubliseer.

Die beraamde koste vir dié van die stasiegebou self was R1 300 000. Dit is 'n vierverdieping, bereikbaar vanaf duikweë en 'n trap vanaf De Villiersstraat. Aan die voorgewel, net bokant die ingang, is 'n fries wat die ontwikkeling van vervoer voorstel, gemaak deur Anton van Wouw. By die ingang in en met die breë trap af is die vergadersaal. Reg voor is die duikweg wat na die platforms lei. Rondom die saal, hoog genoeg om nie deur die verkeer beskadig te word nie, was 32 skilderye van Pierneef, waarvan tans slegs afdrukke in die hoofsaal van die nuwe stasie (± 1960) is. Die vloer in die vergadersaal is van SA kiaathoutblokkies en in die middel is 'n fontein. By die vergadersaal is ook die kantore vir besprekings gehuisves en die wagkamers, eetsaal en teekamer, ens., omsluit die hoofsaal. Rondom die teekamer op die mure op ooghoogte kan die geskiedenis van SA op die blou en wit teëls gevolg word. Net regs van die trap is die wynkroeg. Hier het Gordon Leith die mure versier met gekleurde teëls, gerangskik volgens geometriese figure. In die algemene kantien is die hout ook bloekom, afkomstig van Suid-Afrika. Ook die graniet en marmer wat in die eetsaal gebruik is, is Suid-Afrikaans.


Die hoof vergadersaal is met die platforms verbind deur middel van duikweë, wat 'n goedkoper oplossing as oorweë was. Op die aansig van Eloffstraat moes weerskante van die ingang twee olifante van Carl Aikeley kom, waaroor daar 'n polemiek in die destydse koerante was aangesien almal ander inheemse diere wou hê, byvoorbeeld leeus of koedoes, ens., maar vanweë gebrek aan fondse is die beelde van die olifante nooit gemaak nie.



Teëltjies van Johannesburg-stasie

# JOYFUL JOHANNESBURG

## No. 1.—THE STATION



Excuse me, porter, but can you direct me to the train?

## JOHANNESBURG LIBRARY COMPETITION.

The proposed New Library Building, being open to Competition, comes within the province of the Central Council. With a view, however, of enabling your representatives on the Central Council to know the views of your Committee, this matter has been discussed very openly at special meetings of your Committee.

Unbeknown to the Central Council and to the Provincial Committee the City Council cabled to the President of the R.I.B.A., requesting him to nominate three Architects from whom it could select one as the Assessor for the Competition for the New Library Building.

Three names were duly submitted, but the City Council turned these down, and itself approached Mr. Vincent Harris with a view to his paying a visit to Johannesburg and afterwards assessing the Competition.

Immediately your Committee became aware of the suggested appointment of an overseas Assessor they requested the Central Council to take action. The Central Council forthwith interviewed the Library Committee of the City Council and submitted a memorandum supported by arguments in favour of the appointment of a local assessor.

The Library Committee nevertheless announced its intention of recommending the employment of Mr. Vincent Harris, whereupon the Central Council presented a final memorandum to each member of the City Council the day previous to its meeting.

Despite these representations the City Council has now definitely decided to appoint Mr. Vincent Harris. The Institute's Competition Conditions lay down that the promoters of a competition should, *as their first step appoint as Assessor an Architect of acknowledged standing.*

It must, therefore, be accepted that the City Council has acted constitutionally in the matter and though it is regretted that at the outset it did not take the Institute into its confidence, it has complied with the requirements of our competition regulations which it has expressed its willingness to abide by.

Although there are members with somewhat extreme views on this matter, *i.e.*, that this case calls for drastic action, even to the extent of banning the Competition, your Committee feels that, the City Council having complied with the Institute's Conditions of Competition and having decided to appoint Mr. Vincent Harris, no good purpose would be served by the Central Council pursuing the matter any further.

## PROFESSIONAL FEES.

Your Committee has had occasion to enquire into several cases of alleged unprofessional conduct by members carrying out work at fees below the scale. Members are urged to insist upon their full fees according to the official scale in all cases.

## READMISSION TO THE INSTITUTE AFTER RESIGNATION.

This question has been referred to legal advisers by the Central Council and it has been ruled that no member having resigned can be readmitted except those who were members of a society of equivalent standing in terms of Section 11 (i) (b) of the Act.

## R.I.B.A.

Examinations have been held during the year by your Board of Examiners.

Mr. D. C. McDonald, of Durban, passed the Intermediate Examination and Mr. C. W. Brown, of Pretoria, passed the Special Final Examination and has obtained his associateship of the Royal Institute.

Mr. G. E. Fitzgerald, A.R.I.B.A., of Pretoria, has been elected a Fellow of the Royal Institute.

DEPARTMENT OPENBARE WERKE

Gerard Moerdyk se lewenstrewe was om in sy argitektuur nie alleenlik kuns nie, maar Afrikaanse kuns, te beliggaam. Gedurende die tydperk waartydens hy voorsitter van die Raad van die Universiteit van Pretoria was, het hy dan ook aan die stryd om die Afrikaans-wording van hierdie inrigting deelgeneem.

In Die Volkstem van 4 Julie 1929 kritiseer hy die Departement Openbare Werke skerp en sê dat laasgenoemde, wat uitstekende geleentheid het om kunswerke te lewer en die Afrikaanse argitektuur te bevorder, sy kanse verwaarloos. Hy gaan verder deur te sê dat die Staatsgeboue vir die grootste deel ontwerp word deur 'n Departement waarin daar geen Afrikaanse gees is nie. Afgesien nog ook van die kunsgehalte word die geldelike sy ook nie deur die Departement in ag geneem nie, met die gevolg dat die land nie waarde vir sy geld kry nie. Verder word veranderde klimaatstoestande ook nie in ag geneem nie, byvoorbeeld 'n skool vir Ermelo is net soos een vir Rustenburg. „Daarom het ons te Rustenburg 'n skool met skoorstene wat hom die aansig van 'n fabriek gee". Verder kla hy oor die gebruik van ingevoerde boumateriale na Suid-Afrika, terwyl hier materiale van net so 'n goeie gehalte beskikbaar is. Hy doen aan die hand dat 'n kommissie ondersoek instel. In Ons Vaderland van 30 Oktober 1939, som Gerard die nadele van die optrede van die Departement Openbare Werke as volg op:

"1. Die werk word sonder mededinging somaar aan die Departement oorhandig. Dit sluit alle mededinging uit en dien tengevolge ook nie tot verbetering nie. Bowendien is die onkoste aan departementswerk verbonde, groter.
2. In 'n burokratiese instelling is daar nie genoeg intimiteit tussen ontwerper en die gebou nie.
3. Daar is te min verskeidenheid in die geboue omdat hul almal deur dieselfde masjinerie vervaardig word".

In die Transvaal Institute of Architects' 3rd Annual Report, year ending December 31st, 1929 word die ontwerp van 'n nuwe biblioteek te Johannesburg vir kompetisie oopgestel. Terselfdertyd word genoem dat 'n

argitek van Londen gevra gaan word om as assessor op te tree. Hierdie berig het 'n absolute storm van protes deur die praktiserende argitekte, onder aansporing en leiding van Gerard Moerdyk, in die koerante ontketen. In The Star van 9 Desember 1929 kom Gerard in opstand teen so 'n optrede, want hoe kan iemand wat nie die klimaatstoestande in Suid-Afrika ken nie, optree as assessor van planne vir 'n gebou alhier? Hy stel voor dat daar drie Suid-Afrikaanse argitekte gekies moet word as assessore en dat die kompetisie dan vir die wêreld oopgestel moet word; anders moet daar 'n assessor vanuit Suid-Afrika gekies word. In The Star van 12 Desember 1929 skryf hy verder in antwoord op mnr. Rees-Poole se skrywe:

"but in the context he (Mr. Rees-Poole) says in effect that as a library is a library and not a Cape homestead, we have no suitable architecture that is applicable and that, therefore, it can be better assessed in Londen than anywhere else, provided it is not overlooked. With that I most thoroughly disagree. We have no style that is 'holus bolus' suitable for modern condition. But as a style of architecture is the outcome of geographical, climatic and social conditions, it can only be judged by those who have a knowledge and experience of these conditions".

Die polemiek het voortgeduur in die koerante en die Instituut en die Stadsraad het oor en weer geredekawel. Gerard en die destydse stadsraadslid, mnr. H. J. Crocker, vise-voorsitter van die Johannesburgse Biblioteekkomitee, het mekaar in die hare gevlieg, maar die Stadsraad het hul skema deurgedruk. Ontwerpe is ingedien en Gerard se ontwerp is tweede geplaas.

In 1931 is die sake te berde gebring op die Nasionale Party se kongres te Bloemfontein en 'n voorstel is daar aangeneem dat die regering versoek word om op die saak in te gaan. By die Parlementsitting van 1931 is die saak onder die pos Publieke Werke bespreek. In 1932 is dit weer ter sprake gebring deur Nasionale lede van die Volksraad. Syfers is voorgelê en 'n pleidooi vir privaat inisiatief is gelewer, waarop die regering 'n kommissie aangestel het en argitekte het voor hierdie kommissie getuienis gelewer. Die afvaardiging van argitekte na die kommissie het bestaan uit Gerard Moerdyk en A. S. Furner (Tvl), B. Mansergh (KP), E. M. Powers (Natal) en

H. A. Wallace, F. W. Masey, H. Fyvie en W. W. Tonkin (Vrystaat). Al die klagtes in verband met groot kostes, uitheemse boumateriale en die gebrek aan aanpassing van ontwerpe is geopper. Daar is aan die hand gedoen dat die Departement bloot as administrasieliggaam sou voortbestaan en dat regeringswerk aan privaat argitekte uitgegee sou word sodat 'n gees van gesonde mededinging geskep kan word.

Al hierdie getuienis bring egter nie verandering nie en in 1934 word die stryd in die Volksraad voortgesit. Wyle dr. N. J. van der Merwe het sy stem saam met dié van die argitekte laat tel, asook mnr. Koos Smit, destydse Administrateur van Transvaal. Dit was ook gedurende laasgenoemde administrateur se ampstermyn dat privaat argitekte 'n kans gekry het om provinsiale geboue te ontwerp.

Hierdie stryd wat Gerard met die Regering gehad het, het ongetwyfeld baie van sy geestelike en liggaamlike energie geverg maar dit het tog vrugte afgewerp.

Gerard het in 1932 die ontwerp van die nuwe Engelse laerskool te Pietersburg waargeneem. Met die opening van die skool deur mnr. Chris Hofmeyer, het die volgende berig in The Star van Augustus 1932 verskyn:

"Mr. Gerard Moerdyk has placed Pietersburg under a debt of gratitude to him for his design for the English Medium School. He has broken away from the barrack or prisonlike designs with which the Public Works Department has so profusely plastered South Africa, and while not for a moment losing sight of utilitarian aspect, has given this town the School Beautifull".

Die ontwerp bestaan uit vier vleuels met 'n agtkantige amfiteater in die middel. Hierdie ruimte is bedoel vir 'n saal, maar aangesien geen laerskool destyds 'n saal toegelaat is nie, is dit omgeskep in 'n buitelugbymekaarkomplek met 'n verhoog onder dak. Vir die eerste keer is die toilette binne die skoolgebou geplaas en die binne-afwerking is verf van verskillende kleure. Dit was 'n totale wegbreking van departementele ontwerp van skole sover die regulasies dit toegelaat het.



Engelse laerskool te Pietersburg



Amfiteater van die skool

Nog 'n skool wat deur Moerdyk ontwerp is, is die Monumenthoërskool van Krugersdorp (1935). Dit was die eerste openbare inrigting waarvoor die planne en spesifikasies deurgaans in Afrikaans opgestel is. Daar is voor op die skool 'n paneel aangebring wat ontwerp is deur die Franse beeldhoukunstenaar, René Shapsak, en binne-in die saal is skilderye deur Erich Mayer.

Die eerste stap is dus verkry en 'n gedeelte van die provinsiale werk sou in die toekoms aan privaat argitekte toegesê word. 'n Paneel van argitekte is opgestel en argitekte sou om die beurt 'n kans kry om 'n gebou te ontwerp. Dit sou vir Gerard makliker gewees het om destyds sy rug op sy eie volk te gekeer het en hom by die on-Afrikaanse aan te sluit, maar hy het die ongelyke stryd aangedurf om, eerstens, 'n bestaan te maak en, tweedens, tóg Afrikaner in die volste sin van die woord te bly.

KERKGEBOUE

VIR

SUIDAFRIKA.



GERARD MOERDIJK, A.R.I.B.A.
ARCHITEK.

P.BUS 6614.
FOON 948.

Namaak Verbode.

5 & 6, TRUST BLGS.
FOX ST. JOHANNESBURG.

# HOOFSTUK 3

## KERKARGITEKTUUR

Gerard Moerdyk het in 1924 sy praktyk te Pretoria begin, waar mnr. Harry Watson by hom aangesluit het in 1927 en in 1938 volle vennoot geword het. Die vennootskap het voortgeduur totdat Gerard in 1955 afgetree het. Gedurende hierdie tydperk is daar vele kerke opgerig en dit is veral as kerkargitek dat Moerdyk bekendheid verwerf het.

Daar is reeds genoem dat Gerard, onderwyl hy gedurende die oorlog by die Robinson Deep-myn in Johannesburg werksaam was 'n boekie oor kerkbou geskryf het. Die boekie se naam was Kerkgeboue vir Suid-Afrika en dit is in ± 1919 uitgegee. Hierdie boekie is na 'n tyd op aandrang van die Institute of Transvaal Architects teruggetrek op grond van die feit dat dit as advertensie beskou is. Voordat dit gebeur het, het Gerard egter die boekie gestuur aan heelwat predikante en ander persone wat in kerkbou belangstel en in 1918 het hy sy eerste opdrag gekry om 'n kerk te ontwerp, nl., te Bothaville in die Vrystaat.

In bogenoemde boekie beskryf Moerdyk in sy inleiding die chaos wat daar tot nog toe in Suid-Afrika op die gebied van kerkbou was en dat die meeste van die kerke maar kopiëerwerk van Europese geboue was. Hy sê:

„Om ooit kerke van artistieke waarde te kry moet ons eers degelik en met verstand leer bou en dan sal ons ook miskien 'n styl ontwikkel waarin opgeslote lê die doel van die gebou, die ideaal, die geskiedenis en die karakter van die bouers".

Hy noem dat as die gebou ontwerp word vir 'n sekere doel, dit daardie doel moet weergee. Byvoorbeeld, as dit 'n kerk is, moet dit die indruk skep dat dit 'n Godshuis is en nie soos iets anders lyk nie. Die geboue moet die waarheid en die erns van die poging weerspieël. Met waarheid word hier bedoel eerlikheid by die gebruik van boumateriale, byvoorbeeld dat pleister nie só gevoeg moet word dat dit klip of marmer voorstel nie, ens.



NG-kerk te Bothaville





Hoeksteen, NG-kerk te Bothaville



Dundee-kerk, Natal



Tekening van N.G. Kerk, Kroonstad Noord.



Hy sê verder...

„Hierdie gebrek aan gevoel vir waarheid bring ons op 'n ander punt, dié van karakter. 'n Kunswerk moet die individualiteit van die kunstenaar dra. Dit is die persoonlikheid van die artis wat die kunswerk laat lewe."

Verder word die verskillende individuele style van ander lande bespreek met die oog op Suid-Afrika se ontwikkeling van 'n eie. Hy lê nadruk op die feit dat presiese kopiëerwerk nie gedoen moet word nie. Hy doen aan die hand dat deur die beste en geskikste materiale hier te gebruik met die inspirasie van kunstenaars en met 'n opregte benadering tot die werk, daar van nature 'n eie styl sal voortvloei.

In die tweede gedeelte, Praktiese opmerkinge, word die plaaslike boumateriale bespreek, soos klip, staal, hout, ens., en hoe dit gebruik moet word.

Verder bespreek hy onder die opskrif Akoestiek die noodsaaklikheid van die verspreiding van klank in die kerk. Die amfiteater is, volgens hom, die beste vorm omdat die grootste getal mense dan naby die prediker sit. Hy verduidelik die beginsel van klankgolwe asook die invloed van vibrasie en refleksie van geluid. Laastens wys hy daarop dat kerke goed geventileer moet word as gevolg van die feit dat daar op één tydstip 'n groot getal mense in 'n kerk versamel. Hy sê „Die vars lug moet by die deure en vensters inkom en op die hoogste plek van die dak uitgaan."

Hy lê klem daarop dat vir elke kerkgebou die ligging, grondformasie en omgewing asook lokale materiale bestudeer moet word voordat daar 'n aanvang met die ontwerp self gemaak word. Daar is twaalf verskillende ontwerpe, ontwerp volgens getal mense en vorm.

Volgens mnr. Watson kan Moerdyk se kerkargitektuur in drie tipes ingedeel word:

(a) Kleiner kerke wat vir klein gemeentes ontwerp is, sonder 'n toring maar met 'n spitslantern (flèche) uit die nok van die dak.

(b) Middelmatige groot kerke, seskantig met 'n toring en gewel voor, soos byvoorbeeld Ladysmith met 'n vierkantige kliptoring en 'n roostervenster in die gewel, en Salisbury.

(c) Groot kerke, almal op die plan van Santa Sophia gebaseer en agtkantig van aard, wat weer onderverdeel is in twee tipes:

(i) Die eerstes in klip gebou, byvoorbeeld Volksrust en Steynsrust, en later in siersteen of pleister, byvoorbeeld die kerke in Krugersdorp en Villieria, Pretoria.

(ii) Die ander wat dubbeldomplafonne gehad het met bobeukbeligting.

Aan die hand hiervan word sekere voorbeelde bespreek.

Die Piet Retief-kerk val onder (c) (i) en is in 1922 in gebruik geneem. Dit is 'n groot kerk met 1 200 sitplekke met agtkantige planvorm waarvan die vleuelgedeeltes asook die ooreenstemmende gallerye bo afgesluit kan word vir kleiner gehore.

De Volkstem van 24 Oktober 1922 berig ook die volgende:

„'t Is opgetrokken van gryse zandsteen, afkomstig van Genl. Kemp's plaats, niet vêr van bogenoemd dorp (Piet Retief). De akoustiek is ten volle bevredigend 'tgeen grotendeels te wyten is aan de ronde gewelven, die binne de kerk zyn aangebracht."

Nog 'n kenmerk van hierdie gebou is dat dit ten volle ekonomies was – R1 200 minder as die oorspronklike begroting. Die finale koste was ± R30 000.

Die Bloemfonteinse Nederduitse Gereformeerde Kerk in Aliwalstraat is ontwerp vir 830 sitplekke. Die vorm van die kerk is 'n Griekse kruis met 'n gewelf in die middel. Die gewelf binne is 'n volkome halfsirkel sonder pilare wat op 'n domstyl aangebring is. Die kerk is gebou van ysterklip wat agter die koppies by Bloemfontein uitgehaal is. Die vloerplanke is van Rhodesiese kiaat en die dakpanne is ook van Suid-Afrikaanse fabrikaat. Met die grawe van die fondamente was daar egter probleme en op sommige plekke moes die fondamente 2,438 m diep gegrawe word omdat daar vanmelewe 'n spruitjie uit die kop uit na Aliwalstraat geloop het wat die stadsraad met munisipale afval opgevul het. Die gebou is ook vir R900 goedkoper gebou as die oorspronklike begroting. Die tender van mure. Craig Bros. van Johannesburg is aanvaar en was R22 800; argitekte – Moerdyk en Louw (1923).



NG-kerk te Piet Retief




Hervormde kerk, Cottesloe, Johannesburg



NG-kerk, Pretoria-Oos



NG-kerk, Pretoria-Oos, tydens konstruksie

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Ladysmith, Natal (1929), is 'n goeie voorbeeld van (b). Die ontwerp is seskantig met 'n toring 24,384 m hoog en 'n voorgewel van ongeveer 12,192 m. Die kerk is gebou van sandklip, naamlik Alcockspruitklip, met 'n pragtige ingang. 'n Breë trap van gekapte klip lei na drie groot dubbeldeure met boligte. Al die houtwerk is van inheemse kiaat, ook die vloere van houtblokkies. Onder is daar vyfhonderd en tien sitplekke met twee honderd en vyftig ekstra op die galerye. Die kerk se finale koste was R26 000.

'n Goeie voorbeeld van die kerke wat onder (c) (ii) bespreek is, is die NG-kerk, Kroonstad-Noord (1937). Die kerk het 'n agtkantige vorm met 'n dubbele dom en bobeukbeligting. Dit het 'n hoë toring en die dom het 'n deursnee van 19,812 m. Die kerk is gebou van Vrystaatse sandsteen en het ruim R40 000 gekos.

'n Tipiese voorbeeld van 'n kerk „wat moet groei uit sy omgewing", is die Hervormde Kerk, Cottesloe, Johannesburg (1935). Soos volgens die skets gesien kan word, groei die kerk uit die koppie met 'n toring wat hoog bokant die dak uitsteek en van oral gesien kan word.

KERK, PRETORIA-OOS

Die hoeksteen van die nuwe kerk van Pretoria-Oos se NG-gemeente is op 30 April 1927 deur ds. D. J. Keet gelê. J. Coenen was die aannemer. Die kerk is op 6 Mei 1928 ingewy.

Die boukoste was R40 000 sonder die orrel, wat 'n verdere R4 000 gekos het. Die kerk is ontwerp vir 1 000 sitplekke; dit is volgens plan 'n Griekse kruisvorm met 'n dom op die middel en 'n kloktoring bo die hoofingang. Die dom is 79,2 m in deursnee en was in 1928 die grootste in Suid-Afrika. Die klok in die kloktoring weeg 6 803 kg en kom uit die kerk op Kerkplein wat kort na die Tweede Vryheidsoorlog gesloop is.

Die kerk is van baksteen gebou beklee met klip buite en die dak is van rooi Romeinse teëls. Op die grondvloer binne is die sitplekke só verdeel dat iedereen die prediker goed kan sien en hoor. Rondom bo is vier galerye met

groot halfboogvensters elk wat lig aan die binneruim gee; die enigste vensters onder is agter in die kerk – 10 smal vensters, 5 aan weerskante van die hoofingang. Alle glas is ondeursigtige amber glas. Die banke is van inheemse kiaathout en panele van dieselfde houtsoort beklee die mure tot op galeryhoogte. Die vloer is kiaatblokkies wat in 'n visgraatpatroon gelê is. Die buitedeure het interessante houtsneewerk in die boligte. Binne is die plafonne en mure van die gallerye gepleister en wat veral opvallend is, is die gewyde atmosfeer wat in die kerk heers.



NG-kerk te Salisbury

In die lesing oor kerkargitektuur by die Universiteit van Pretoria in Oktober 1933 praat Gerard Moerdyk oor die ontwerp van kerke. Hy wys daarop dat dit belangrik is om 'n ideaal te hê uit hoofde van die feit dat die kerk die vernaamste gebou in Suid-Afrika is en dus ook die meeste tiperend van die land behoort te wees. Hy stel drie vereistes by die bou van kerke – eerstens, dat almal wat in die kerk sit, die leraar moet kan sien en goed moet kan hoor; tweedens, dat die gebou die gedagte moet gee dat dit uit sy omgewing groei; derdens, dat dit die indruk moet skep van 'n kerk, met ander woorde 'n huis van God, niks anders nie.


Hy het ruim meer as tagtig kerke gedurende sy leeftyd ontwerp, vanaf Kaapstad, Suidwes en Durban tot in Rhodesië. Gerard het geleef vir sy werk; sy geesdrif en werkywer het geen perke geken nie. Hy het, volgens sy eggenote, geglo dat elke nuwe kerk die heel mooiste was wat hy nog ontwerp het.



NG-kerk te Durban (gesloop)



Die stadsaal te Potgietersrus



UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

1201 102 00

# HOOFSTUK 4

## OPENBARE GEBOUE

### RESERWEBANK, BLOEMFONTEIN (1936)

Die ontwerp moes van buite aanpas by die aangrensende Ou Mutual-gebou. Dit het uit vier verdiepings bestaan bo en behalwe die kelderverdieping, waar die landskatte bewaar word. Die brandkluise is van buitengewoon versterkte gewapende beton en alle glas, versterk in 'n ysterraamwerk, kon weerstand bied teen koeëls. Die marmer wat gebruik is, kom van die Transvaalse bosveld aan die Olifantsrivier en die travertyn kom van die destyds pas ontdekte marmerlae by Port St. Johns.

### STADSAAL, HEIDELBERG, TRANSVAAL (1937)


'n Stadsaal met munisipale kantore ter waarde van ongeveer R60 000 is deur Gerard Moerdyk vir Heidelberg se stadsraad ontwerp. Die gebou bestaan uit twee verdiepings met 'n kloktoring. Die kelder is gebruik as 'n marksaal. Die stadsaal self is 28,04 m lank, 9,75 m wyd en het akkommodasie aan 1 000 gebied. Daar is veral daarop gelet dat die saal goeie akoestiek sal hê. Langs die stadsaal is 'n banketsaal van 16 by 7,315 m met 'n kombuis in die kelder, vanwaar na die banketsaal bedien word. Op die eerste vloer is munisipale kantore, op die boonste vloere is die Stadsraad se konferensiekamer asook kamers vir die burgemeester, en verdere kantore. Hier is veral van inheemse houtpanele gebruik gemaak. Die buitekant is van sandsteen wat op die dorpsgronde self uitgegrawe is.

### HOSPITAAL, MIDDELBURG, TRANSVAAL (1938)

In 1938 is begin om die nuwe hospitaal te Middelburg te bou. Die ontwerp vir hierdie hospitaal is een van die weiniges wat Gerard in opdrag van die Provinsiale Administrasie gedoen het. Die hospitaal het nie net dit bewys waaroor Gerard al so baie geskryf het nie, naamlik dat privaat argitekte goedkoper as die DOW kan bou nie, maar het volle tevredenheid in die beplanning van die hospitaalstaf verkry. Dit het 70 beddens gehuisves en £35 000 gekos.



Hospitaal, Middelburg, Transvaal



MERENSKYBIBLIOTEEK, UNIVERSITEIT PRETORIA (1937)


Die gebou is opgerig teen 'n koste van £40 000. Die grondvloer van die gebou lê ongeveer 10 voet bo die natuurlike grondoppervlak. By die ingang is daar trappe wat oplei na 'n klein ingangsaal en daarvandaan, deur glas-deure na die ruim leessaal met sitplek vir 'n honderd lesers. Benede die leessaal is daar 'n magasyn van 2 verdiepings van 7' 6". Hier word tans die Africana gebêre asook boeke wat deur gevorderde studente gebruik word. Die hele biblioteek is só ingerig dat dit deur 'n minimum personeel beheer kan word. Die enigste toegang tot die boekerye word deur assistente by die toonbank beheer. 'n Ruim tentoonstellingskamer is bo ingerig asook 'n kamer vir Neerlandica. Die onderste gedeelte van die gebou is van graniet en verder van betonblokke met 'n oppervlak van granietgruis. Motiewe van Zimbabwe word buite gebruik, veral by die hoofingangdeur.




Ingang. Merensky biblioteek, Universiteit van Pretoria



Merenskybiblioteek, Universiteit van Pretoria




DIE ONTWERP VAN DIE NUWE BIBLIOTEEKGEBOU VAN DIE UNIVERSITEIT PRETORIA. DIE ARGITEK IS MNR. G. MOERDYK.



Gerard by die model van sy eerste ontwerp vir Libertas



Libertas, Pretoria

## KOMPETISIES

### LIBERTAS, PRETORIA

In Die Volkstem van 25 April 1935 word daar geskryf dat Gerard Moerdyk die wedstryd gewen het vir die beste plan vir die nuwe woning van die Eerste Minister.

Die huis is gebou op 'n perseel op die kruin van Meintjieskop, Bryntirion. Aan die noordekant is 'n uitsig van die Magaliesberge en aan die suidekant kyk dit oor die oostelike voorstede na Schanskop.

Die eerste ontwerp was 'n tipiese Kaaps-Hollandse huis met ses gewels wat later verander is om meer na die Kaaps-Hollandse stadshuis te lyk, soos op bygaande foto's gesien kan word.

Die gedeelte van die tuine voor die huis is uitgelê in wye terrasse wat op mekaar volg. Die boonste terras bestaan uit 'n sirkelinrypad. Die tweede een het groot grasperke vir buitelugonthale en die onderste twee is uitgelê met blombeddings, rotstuine en grasperke.

Die grondvloer bestaan uit 'n ingangsportaal wat na 'n ruim ontvangssaal van 60 vt by 30 vt lei. Ook op die onderste verdieping is 'n onthaalkamer, die Eerste Minister se studeerkamer, 'n kamer vir sy sekretaris, 'n wagkamer vir besoekers en 'n eetkamer wat sitplek aan 50 persone bied, met aangrensende kombuis en spens. Op die tweede verdieping is twee groot stoepe met 'n lieflike uitsig, 'n groot galery vir skilderye, geskiedkundige prente en ander voorwerpe van kultuurbelang en 8 slaapkamers, elkeen met sy eie balkon en badkamer.

Al die ontvangskamers het houtblokkiesvloere van 'n inheemse Suid-Afrikaanse hout en die boligte van al die glaspaneeldeure is houtsneewerk met ontwerpe van SA blomme, byvoorbeeld aalwyne en cotelidons.

Met die uitsondering van 'n paar stukke glas-, yster- en koperware, is die hele woning van Suid-Afrikaanse materiaal gebou, van die houtvloere tot by die teëldak.

DIE VOORTREKKERMONUMENT

In 1909 toe 'n komitee gevorm is om fondse in te samel vir die terugkoop van die Voortrekkerkerkie op Pietermaritzburg, is daar besluit dat dieselfde komitee hom later sou beywer vir die oprig van 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers.

Die komitee was onder die indruk dat die Regering pond vir pond tot so 'n monument sou bydra. In 1913 is daar begin om die saak verder te voer maar met die uitbreek van die Wêreldoorlog het die saak hangende gebly. Op 4 April 1931 is 'n kongres van verteenwoordigers van belanghebbende organisasies op Bloemfontein gehou en 'n Sentrale Volksmonumentekomitee is gestig en met toestemming van die Regering is daar deur middel van posseëls begin om geld in te samel. In 1935 het die Regering die SVK laat weet dat hy die oprig van 'n monument ter ere van die Voortrekkers en die aanstaande eeufeesviering van so groot nasionale belang ag dat die Regering self seggenskap moet hê. Die Regering het 'n aantal lede gevoeg by die SVK, wat dus uit die volgende lede bestaan het:

Adv. E. G. Jansen (Voorsitter)
Mnr. J. J. Scheepers (Ere-sekretaris)
Mnr. I. M. Lombard (Ere-penningmeester)
Prof. dr. T. J. Hugo
Mnr. P. I. Hoogenhout
Mev. S. Broers
Mev. M. M. Jansen
Prof. dr. S. P. Engelbrecht
Dr. G. Preller
Mnr. C. M. Booysen
Dr. N. J. van der Merwe
Mnr. B. H. J. van Rensburg
Prof. C. van Riet Lowe
Sen. F. S. Malan
Sen. A. T. Spies
Ds. W. Nicol
Dr. E. C. Pienaar
Admin. J. J. Pienaar
Ds. P. Nel
Mev. J. Pellisier
Admin. J. H. Conradie
Dr. P. C. Schoonees
Mnr. Wadley

Adv. E. Douglas

Mnr. J. v. G. Bekker

Mev. E. Jordaan

Komdt. O. A. Davel


In Die Vaderland van 10 Januarie 1936 is 'n afdruk van 'n ontwerp wat deur Gerard Moerdyk vir die Voortrekkergedenkteken ingegee is. Hierdie eerste ontwerp is in die aard van 'n Egiptiese tempel soos dié by Luxor langs die Nyl. In dieselfde koerant is 'n foto van 'n ontwerp wat deur Coert Steynberg ingestuur is. Dit bestaan uit 'n Voortrekkerfiguur uit grys graniet, 45 voet hoog, wat staan op 'n voetstuk van 30 voet hoog. Hy het 'n Bybel in die een hand en 'n voorlaaier in die ander. Om die voetstuk is vier panele, simbolies van aard van mylpale uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en stel die volgende voor: Die uittog, onderhandeling, verraad en oorwinning. In Die Volkstem van 8 April 1936 word gesê dat daar 'n tweede ontwerp deur Gerard Moerdyk voorgelê is, gebasseer op die Mausoleum van Halikarnassus. Die sentrale punt van laasgenoemde ontwerp sou die gebeente wees van Piet Retief en sy makkers wat in die gedenkteken begrawe lê.

In Die Volksblad van 14 April 1936 verskyn die volgende berig aangaande die monument:

„Deur middel van die pers en andersins bekend gemaak dat die onderkomitee graag planne en wenke van die publiek sou wil ontvang en deur die Departement van Buitelandse Sake is ons gesante in die buiteland gevra om inligting in te win omtrent nasionale monumente in ander lande. Hierdie inligting, wat bestaan het uit planne, sketse en wenke wat van die buiteland, die publiek en kunstenaars ingekom het, is almal deur die onderkomitee noukeurig oorweeg en hy was van oordeel dat 'n poging aangewend moet word om twee ontwerpe saam te smelt. Die onderkomitee het toe eenparig besluit om aan te beveel dat die twee ontwerpe die basis van die voorgestelde monument sal vorm... Die monument sal van eg Suid-Afrikaanse aard wees en om te sê, soos party nie-amptelik gedoen het, dat dit 'n Griekse of enige ander soort monument sal wees, is heeltemal verkeerd".




8. Temple of Isis, Philae, entrance court, showing P[illegible]




Mausoleum van Halikarnassis


Die ontwerp van Gerard is aanvaar en die laermuur van ossewaens rondom was 'n toevoeging van wyle prof. dr. E. C. Pienaar van Stellenbosch.



Snit van Monument, Pretoria

'n Kommissie is benoem om 'n plek te kies waar die Monument opgerig sou word, naamlik uit 12 name, meestal op die trekpad van die Groot Trek. Daar was onder andere Thaba 'Nchu, Vegkop, Winburg, Bloemfontein, Kerkeberg, Pietermaritzburg, Danzkraal, Bloedrivier en Ohrigstad. Die uiteindelike besluit was Pretoria, waarop die Stadsraad verskillende plekke aangebied het, byvoorbeeld Wonderboomkop, Skanskop, Klapperkop, ens. 'n Klein koppie ten suide van Pretoria is gekies omdat dit, eerstens, vanuit byna elke hoek en ingang na Pretoria sigbaar is en, tweedens, omdat dit klein genoeg was om as 'n deel van die monument omgeskep te word.

Met die ontwerp van die monument self het Gerard teruggegaan na die Voortrekkers en die Bybel en gekyk na wat hulle onder soortgelyke omstandighede sou doen. Dit word gevind in die Israeliete se uittog uit Egipte na 'n beloofde land. Na die uittog, toe hulle tot rus gekom het, het hulle 'n altaar gebou. Dit is dan wat die Voortrekkers sou gedoen het.



Deursnit van monument

'n Altaar is 'n simbool van opoffering en in die monument neem die altaar die vorm aan van 'n sarkofaag vir Piet Retief en sy manne wat by Dingaanstad vermoor is en die grootste opoffering aan Suid-Afrika gebring het, naamlik hulle lewens. Die altaar is die middelpunt van 'n groot saal waarin later submonumente opgerig kon word. Bokant hierdie saal is 'n heldesaal waar die geskiedenis van die Groot Trek in die vorm van 'n marmerfries in bas-relief deur Anton van Wouw, Frikkie Kruger, Peter Kirchoff, Hennie Potgieter en Laurika Postma weergegee word.

Fries

Op die gekiedenisfries word in basrelief weergegee die vernaamste voorvalle van die Groot Trek, van die tyd dat die Trekkers die Kaap verlaat het totdat die Republiek deur die ondertekening van die Sandrivier-konvensie in 1852 erken is. Hier word die lewenswyse, werkmetodes, gevegte en staatkundige bedrywighede van die Trekkers se lewe in beeld weergegee.

Die eerste rowwe sketse is gemaak met behulp van W. H. Coetzer en bogenoemde beeldhouers is gekies.

Die fries is in Italië uit wit marmer gekap en het ses jaar geneem om te voltooi. In 1949 was dit die langste historiese fries ter wêreld.

Die fries begin by die voordeur en loop van links na regs. Kortliks daar uitgebeeld: Die trek uit die Kaap; die oorhandiging van die Bybel aan Uys; Louis Trichardt aan die voet van die Soutpansberg en daaropvolgend sy aankoms in Lourenco Marques. Dan volg die slag by Vegkop, waar die militêre waarde van die laer vir die eerste keer bewys is; die tafereel van die inswering van Piet Retief; die slag by Mosega en die onderhandelinge met Maraka. Om die hoek is die tafereel van Blyvooruitsig. Die volgende paneel beeld Debora Retief uit waar sy haar vader se naam op Kerkeberg skryf; daarop volg die tog van die Drakensberge af; die tekening van die traktaat tussen Dingaan en Piet Retief; die moord op Piet Retief; die moord van Bloukrans; dan die verhaal van Theresa Vignoli; 'n tafereel van Dirkie Uys; die verhaal van Marthinus Oosthuizen.

Daarop volg die aankoms van Andries Pretorius; die kies van Panda as hoof van die Zoeloes; die dood van Dingaan; die terugtog oor die Drakens-



Die Voortrekkermonument: Die fries in wording



Fries: Die moord op Piet Retief



Fries: Debora Retief skryf haar pa se naam op Kerkeberg

berge na die Vrystaat en Transvaal en, laastens, die ondertekening van die Sandrivier-konvensie.




Bokant laasgenoemde saal is 'n koepel met 'n groot ronde opening en daarbo 'n ander koepel wat die hele monument oorkoepel. Die heel boonste koepel, wat ongelukkig op die oomblik ontoeganklik vir die publiek is, stel die aardbol voor en op die betrokke gedeelte van die aardbol, naamlik Suid-Afrika, is in bas relief die berge en heuwels van Suid-Afrika weergegee en 'n silwer draad merk die pad wat die Voortrekkers getrek het. Op die plek van Bloedrivier is 'n opening gelaat en op die 16de Desember van elke jaar, val daar 'n direkte sonnestraal deur al die verdiepings neer en om 12-uur middag skyn dit op die sarkofaag van Piet Retief en sy manne op die woorde „Ons vir jou, Suid-Afrika".

Die tyd 12-uur middag wissel egter om en by twaalf omdat dit sontyd is en nie werklike tyd nie as gevolg van die kwart dag elke jaar wat net elke vierde jaar bygevoeg word. Gerard beskryf dit in die Sunday Express van 6 November 1938. In dieselfde koerant noem 'n Australiër dat die Shrine of Rememberance in Melbourne, opgedra aan die gesneuweldes van die Eerste Wêreldoorlog, ook dieselfde prinsiep van sonwyserstraal het maar dit is onwaarskynlik dat Gerard dit daar gesien of daarvan gehoor het.


Die vloer van die heldesaal is met marmer uitgelê om die effek te gee van golwe wat wyer sprei soos 'n klip wat die water laat uitkring. Die idee was die verdere reaksie van die opoffering van Piet Retief en sy manne. Buite-om die monument is 'n muurlaer van ossewaens met die simboliek om alles wat in stryd was met die ideale van die Voortrekkers, van dié plek af weg te hou.

In die kelder van die monument is daar 'n museum waar artikels uit die Groot Trek tentoongestel word, asook 'n reeks van 15 tapisserië wat deur W. H. Coetzer geverf is en die volgende tonele uitbeeld:


1. Die verjaarsdag
2. Die uittog
3. Oor die Grootrivier
4. Vegkop
5. Uitspanning by Thaba 'Nchu
6. Begrafnis in die veld
7. Die herstel van wawiele
8. Tog oor die Drakensberge
9. Blyde Vooruitzicht
10. Retief se afskeid
11. Die Bloukrans-moord
12. Die storm
13. Boekevat
14. Bloedrivier
15 Simboliese samevatting



Voor die Monument op die ereplek staan die Voortrekkermoeder wat haar kinders beskerm. Die beeldhouwerk hiervoor is deur Anton van Wouw in brons gedoen. Aan weerskante hiervan is, in graniet uitgebeeld, swartwildebeeste, waarvan die simboliek gevind word in die geskiedenis van die



Kleimodel van die Voortrekkermonument


NASIONALE
VOORTREKKER
MONUMENT

Groot Trek: nadat die traktaat deur Piet Retief en Dingaan geteken is, was daar buite die stat 'n rumoer en lawaai van die dans van die aankomende regimente en op Piet Retief se vraag wat dit dan is, het Dingaan geantwoord: „Dit is my regiment van wildebeeste." Dit is lg. wat Retief en sy manne vermoor het. Die wildebeeste langs die vrou stel die gevare van Afrika voor en die vrou met haar kinders die Blanke beskawing. Die vrou is in daardie prominente posisie geplaas omdat sy die grootste rol gespeel het in die trek vir 'n Blanke Suid-Afrika.

Bo om die Voortrekkermonument is 'n lys bestaande uit 'n sig-saglyn wat vrugbaarheid voorstel. In alle ou spykerskrifte word water aangegee deur so 'n lyn wat later deur die hele Afrika die simbool van vrugbaarheid geword het. Deur vrugbaar te wees, was die enigste manier vir die Voortrekkers om 'n Blanke beskawing te vestig. Vir duursaamheid is die Voortrekkermonument gebou uit Suid-Afrikaanse graniet. Klein boueenhede is gebruik met 'n doel, nl., omdat Suid-Afrika se groot vlaktes neig om 'n gebou te verdwerg. Dit is iets wat die ou Egiptenare ook besef het en daarom het hulle klein eenhede gebruik. Ons vind dit ook in die Zimbabweruïnes. Soos gesien kan word uit afmetings – byvoorbeeld die monument met 'n hoogte van 39,624 meter en die Dome of the Invalides met 'n hoogte van meer as 45,720 meter – laat die gebruik van sulke eenhede 'n gebou dan werklik groter lyk as wat dit is want die Voortrekkermonument is omtrent net so groot as die mausoleum van Halikarnasus en kleiner as die gebou in Parys waarin die graf van Napoleon is.

Gerard wou gehad het die monument moet dien as eiedomsreg vir Suid-Afrika en as daar gevra word aan wie behoort die land, is die antwoord, volgens hom:

„Kom saam na die Voortrekkermonument. Kyk die prys wat vir hierdie land betaal is; 'n wrede prys in bloed en trane. Dit is my land'. Ek is erfgenaam in gees of liggaam van die Voortrekkers wat daardie prys betaal het, en ieder een wat 'n dergelike prys betaal het, het ook dieselfde reg daarop".

In die Sunday Express, 24 Maart 1928, word geskryf dat tenders vir die monument ingekom het wat wissel van R319 000 tot R672 618 sonder die beeldhouwerk, wat 'n addisionele R60 000 sou kos. Die beraamde koste sonder die beeldhouwerk was £260 000 (Volkstem 25/4/38) en die totale koste was R682 000 vir die gebou self. Die hoeksteen van die monument is op 16 Desember 1938 deur mevv. J. Preller, C. F. Ackerman en J. C. Müller gelê. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was daar 'n vertraging in die bouwerk en die gebou is op 16de Desember 1949 ingewy.

Vandat die idee van 'n monument posgevat het totdat die gebou voltooi is, was daar 'n groot polemiek in die koerante, eers oor die plek (Pretoria) wat uiteindelik gekies is bo die ander voorstelle en later oor die politieke twis wat dit veroorsaak het. Oor laasgenoemde het daar die volgende berig in The Star van 26 Oktober 1936 verskyn:

„In the Voortrekker Monument we have one factor which will unite the whole of South Africa. The monument stands above language, race, descent and religion, said Mr. G. Moerdyk. South Africans were not a nation yet and he hoped that the monument would be an influential factor in bringing about unity of thought and of ideal; and was not Thomas Halstead, the Englishman who was murdered with Piet Retief, a Voortrekker?"...

Die polemiek kan in koerante van 1935 tot 1947 gevolg word.

Die Voortrekkers was godsdienstige mense en vanweë Gerard se opvoeding by sy huis en latere noue verband met die kerk in sy lewe, het dit hom seker na aan die hart gelê om een van Suid-Afrika se grootste geboue

te ontwerp. Totius het in Die Voorligter van Desember 1949 die volgende oor die monument geskryf:

„Groot baken van die mooi stillewe wat
hier 'n boerenasie bou –
so min jou rots ooit sal begewe,
so min ons vaste nasietrou.
Kom verf hom rooi, o môreglanse
Kom dieptes, send jul wolke op!
Kom, verf hom geel, o awendtranse!
En, hemele, besproei sy top."

# HOOFSTUK 5

## MOERDYK SE BENADERING TOT BOUKUNS

Moerdyk het van tyd tot tyd lesings gegee oor aspekte van argitektuur, byvoorbeeld die geskiedenis of ontwikkeling daarvan, en uit hierdie lesings kan sy benadering tot die boukuns geneem word.

In 'n lesing op Dinsdag 13 September 1932 voor die Departement van Afrikaanse Kuns en Kultuur aan die Universiteit, Pretoria, sê hy soos volg:

... „Argitektuur is die naam wat ons heg aan goeie bouwerk. Dit is 'n kuns en soos met elke ander kuns is sy ontwikkeling onderhewig aan sekere invloede. Om goed te wees, moet dit nasionaal wees en as sulks gaan sy groei gepaard met die groei van nasionale bewyssyn.

Dit is die beste spieël van sy omgewing; argitektuur gee die geestesontwikkeling van 'n ras of geslag weer. Dit is 'n kristallisering van geskiedenis. Argitektuur bevat twee elemente, die wetenskaplike en die kulturele".

In die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst nr. 12 van Augustus 1924 sit Moerdyk sy siening oor boukuns en styl soos volg uiteen. Hy sê:

... „Argitektuur kan beskou word as die kuns waardeur die verskillende elemente en onderdele van 'n bouwerk, só geplaas en gerangskik word dat die geheel 'n harmoniese eenheid vorm. Styl is die karakter wat gestempel word op kunswerke, deur 'n sekere epog. In 'n gebou kan daar onder meer vier soorte eenheid of harmonie wees, wat almal hulle stemming van die mens self neem:

I. Die harmonie van karakter. – 'n Gebou moet die doel waarvoor dit bestem is weergee – byvoorbeeld 'n woonhuis, kerk en winkel. Dis verkeerd om 'n woonhuis te laat lyk as 'n tempel.

II. Die harmonie van styl. – d.i. Die tydperk waarin dit gebou is.

III. Die harmonie van kleur. – Daar moet in elke kleurskema 'n overwegende gemene kleur wees wat die toon gee, 'n vermenging van koue en warme kleure lyk barbaars.

IV. Die harmonie van skaal. – Die verskillende onderdele moet in die regte verhouding van grootte wees teenoor die ander dele en ook in verhouding teenoor die mens self, byvoorbeeld 'n deur van 'n woonhuis moet lyk of dit vir 'n mens gemaak is en nie vir 'n olifant".

Of 'n gebou aan sy doel beantwoord, was vir hom die vernaamste vereiste en daaruit vloei dan die voorkoms van die gebou. Sy ontwerpe het ook die ekonomiese aspek in ag geneem soos gesien kan word uit die groot aantal kerke wat vir minder as die uitsetprys gebou is.

Moerdyk het ook enige onnodige versiering en ornament as oorbodig beskou: „Om nodelose ornament aan te breng is verkeerd. Die vorm self moet veredel word en die edelste vorm is die een wat naaste aan die waarheid en die doel kom".

Op grond van laasgenoemde is dit interressant om op te let dat een van Sir Herbert Baker se beginsels ook was: "Beauty is truth".

Moerdyk was 'n voorstander, net soos Baker, van die gebruik van lokale materiale so eenvoudig moontlik – vergelyk hier die stasie, Libertas en die Voortrekkermonument. Hy het ook die argitekte aangemoedig om die styl van Engeland en die kontinent te probeer vergeet en hier in Suid-Afrika 'n eie styl te skep. Oor hierdie strewe van Moerdyk na 'n eie boukuns word daar in Die Volksblad 25 November 1921 die volgende geskryf:

„In die wording van 'n eie nasionale kultuur langs die eienaardige verrassende paaie in sommige opsigte selfs as wat nou waargeneem en ook betreur word, is dit begryplik dat daar 'n herlewing ook in die boukuns kom, en dit is aangenaam om te weet dat die praktiese, deskundige voorloper met wetenskaplike kennis, reeds aangewys word in die persoon van ons geniale Afrikaner, Gerard Moerdyk."



NG-kerk, Bloemfontein



Parkstasie, Johannesburg



NG-kerk, Pretoria-Noord



Gereformeerde kerk, Potchefstroom



NG-kerk, Noordhoek, Bloemfontein



NG-kerk, Winburg



Huis Moerdyk, Pretoria



Hoërskoolkoshuis, Middelburg

Oor woonhuisargitektuur het Moerdyk die volgende riglyne daargestel, soos dit in Die Volkstem van 9 Mei 1933 uiteengesit is:

1. Die ideale ligging vir 'n huis in die stad is met die ingang na die straat en die woonvertrekke na die tuin. Hy sê dat hierdie woonvertrekke in Pretoria noord moet front om die winterson te kry en die ergste somerhitte te vermy.

2. Dit is vir hom uiters belangrik dat alle vertrekke 'n sekere tyd van die dag son moet kry, maar nie te veel son nie, en hy stel luike voor.

3. Die ideale huis vir Moerdyk stel hy as een met twee verdiepings sodat al die werkvertrekke, naamlik spens, kombuis, ens., op een vlak is en die slaapvertrekke bo.

4. Die woonhuis moet ekonomies beplan word omdat, soos hy dit in die Pretoria Times van 9 Mei 1933 stel: "... the problem was not that of planning the ideal home – any architect given 'carte Blanche' could do that – but planning as near an ideal home as possible for a definite sum."

'n Goeie voorbeeld van sy woonhuise is Moerdyk se eie huis in Muckleneuk, „Bynabo". Dit was destyds die enigste huis wat van Brooklyn-leiklip gebou is en die klip is spesiaal uitgesoek met die groteres onder en die kleineres bo. Dit is 'n dubbelverdiepinggebou met 'n staandak van teëls met skuins plafonne en dakvensters; die slaapkamers is bo en die woonvertrekke onder. Moerdyk het self die meubels ontwerp en dit is van Rhodesiese mahonie gemaak.

Hieruit kan die beginsels waarvolgens hy ontwerp het, gekry word, naamlik:

1. Die gebou moet bodem-eg wees, met ander woorde 'n <u>nasionale</u> styl hê.
2. Waar moontlik, moet Suid-Afrikaanse <u>materiale</u> gebruik word.
3. Die ontwerp moet beantwoord aan die doel of <u>funksie</u> van die gebou en daaruit vloei sy <u>estetiese</u> vorm.

4. Die gebou moet aanpas by sy omgewing en die klimaatstoestande waar dit opgerig word moet in ag geneem word.
5. 'n Argitek moet nie net 'n kennis van bouwerk hê nie, maar ook van alle ander kunste.
6. Alle onderafdelings van 'n gebou, hetsy die vensters, beelde, reliefwerk, beligting, akoestiek, ens., vereis die toewyding van die argitek.
7. Veral in die Voortrekkermonument word baie van simbolisme gebruik gemaak.



NG-kerk, Ladysmith



Kerk te Bloemhof



NG-kerk, Louis Trichardt

MOERDYK, DIE AFRIKANER

Gerard Moerdyk was nie alleen 'n vurige Afrikaner as mens nie, maar ook in sy werk. Reeds in hoofstuk 2 is Moerdyk se stryd met die Departement Openbare Werke bespreek. 'n Teenstrydigheid is dat, na sy ondervinding in die Engelse Oorlogin die Standerton-konsentrasiekamp, Moerdyk hom egter in Engeland kwalifiseer omdat daar in daardie tyd (1910) geen argitekskool in Suid-Afrika was nie. Moerdyk was in 1936 voorsitter van die Universiteitsraad van Pretoria en het grootliks bygedra tot die Afrikaanswording van die Universiteit maar hy het nogtans nadruk op die feit gelê dat die Afrikaanssprekende ten volle tweetalig moet wees. Hy sê in The Star, 5 Maart 1936:

"Because it is our desire to be constructively Afrikaans, it should not be accepted from the negative side that we are anti-English."

Die erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns is in 1936 aan Gerard Moerdyk toegeken op grond van die groot aantal Suid-Afrikaanse kerke wat deur hom ontwerp is. Onderskeidelik het Moerdyk ook eredoktorsgrade in argitektuur ontvang van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en Suid-Afrika vir dit wat hy vir ons land op argitektoniese gebied beteken het.

Moerdyk het heelwaarskynlik so 'n groot aantal kerke gekry om te ontwerp, eerstens, as gevolg van die boekie oor kerkbou wat hy uitgegee het wat voor die terugtrekking daarvan deur verskeie mense gelees is en, tweedens, omdat in daardie dae artikels oor alle nuwe kerkgeboue in koerante verskyn het met foto's en 'n bespreking van die kerk en sy koste, asook die naam van die argitek.

Gerard was in lewe nie net 'n bekende argitek nie maar het ook die beeldhoukuns en skilderkuns baie bevorder. Hy was goed bevriend met Anton van Wouw en Erich Mayer. Hy was 'n veelbelese man wat 'n eie Afrikaanse styl in ons land geskep het. Hy was, volgens opvoeding, streng godsdienstig en het sy godsdiens uitgeleef. Hy was ook een van die hooffigure in die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria en ook in die daarstelling van die Saambou-bouvereniging.

Hy was verskeie tale magtig, onder andere Afrikaans, Engels, Nederlands, Duits, Italiaans en Frans en hy was 'n veelbelese man wat reeds in sy studiejare oorsee was en die geboue aldaar bestudeer het. In 1956 het hy en sy vrou die laaste van agt oorsese reise na Europa en die Verenigde State van Amerika onderneem. Sy gesondheid het lank reeds kwellinge veroorsaak en die mediese verslae oral was dieselfde, naamlik Parkinson se siekte. Hierdie laaste stryd duur tot sy dood in 1958. Hy is op die ouderdom van 68 jaar oorlede en is sowat ses myl van Nylstroom op sy plaas Modderpoort begrawe. Die roudiens is in die plaaslike Nederduitse Gereformeerde Kerk op Nylstroom deur ds. M. H. Horak, gehou.



NG-kerk, Pretoria-Oos

## LYS VAN GEBOUE

KERKE

| | |
|---|---|
| Brits | 1952 |
| Bothaville | 1918 |
| Bloemfontein-Wes | 1938 |
| Breyten | 1937 |
| Brakpan | |

| | |
|---|---|
| Bethulie | |
| Auckland Park, Jhb. (Geref.) | |
| Alberton | 1931 |
| Atteridgeville, Pta. | |
| Aucland Park, Jhb. (NH) | |
| Cottesloe, Jhb. | 1935 |
| Coligny | 1932 |
| Delareyville | 1937 |
| Durban | 1923 |
| Delmas | |
| Enkeldoring | |
| Erasmus | |
| Gobabis | 1950 |
| Heidelberg | 1933 |
| Hatfield, Pta. (Metodiste) | |
| Krugersdorp | 1935 |
| Krokodilrivier, Brits | 1952 |
| Kroonstad-Noord (NG) | 1937 |
| Kroonstad (Geref.) | |
| Kaapstad | |
| Kestell | |
| Ladysmith, Natal | 1929 |
| Louis Trichardt | 1926 |
| Machadodorp | 1928 |
| Marquard | 1928 |
| Morgenzon | 1930 |
| Makwassie | 1936 |
| Marikana (Rustenburg) | |
| Nigel | |
| Newlands, Jhb. | |
| Noordhoek, Bloemfontein | |
| Ottosdal | 1926 |

| | |
|---|---|
| Bloemfontein (Aliwalstr.) | 1923 |
| Pretoria-Oos | 1928 |
| Pretoria-Wes | 1941 |
| Piet Retief | 1922 |
| Pretoria-Noord | 1945 |
| Pietermaritzburg-Wes | |
| Philipolis | |
| Potchefstroom | |
| Pelindaba | |
| Roosville | 1936 |
| Reddersburg | 1927 |
| Rietfontein | |
| Salisbury | 1930 |
| Sannieshof | 1953 |
| Steynsrust | 1930 |
| Standerton | |
| Springfontein | |
| Thompson's Falls, Kenya | |
| Voortrekkerhoogte | 1938 |
| Volksrust | |
| Windhoek | |
| Winburg | |
| Wolmaransstad | 1933 |
| Warden | |
| Zoutpansdrift, Brits | |
| Amsterdam | |
| Bethal | |
| Dundee | 1923 |
| Keetmanshoop | 1950 |
| Wesselsbron | 1938 |
| Turffontein, Jhb. | |
| Villieria, Pta. | |
| Troyville, Jhb. | |



NG-kerk, Krugersdorp



NG-kerk, Morgenzon



Mev. Moerdyk by geskenke vir Libertas



NG-kerk, Koster



Kerk te Dundee, Natal

SKETSPLANNE

Eendracht

Kokstad

Bethal

Hennenman (NG)

Primrose, Jhb.

Bitterpan, KP

Carolina

Hennenman (Geref.)

Johannesburg-Wes

AANBOU EN VERANDERINGE

Skinnerstraat, Pretoria (Duitse Kerk)

Germiston

Hartebeesfontein

Edenburg

Klerksdorp

Theunissen

Lydenburg

Ermelo

Newcastle

Zeerust

Luckhoff

Dundee

KERKSALE

Capital Park, Pta.

Bethesda

Makwassie

Breyten

Balfour

Nuwe Samekoms, Klerksdorp



NG-kerk, Reddersburg

Nieuwe Rust

Viljoenskroon

Hartebeesfontein

Ladysmith

Rustenburg (1933)

Sinodale Saal, Bloemfontein (1924)

Lichtenburg

Indwe

Riviera, Pretoria

Grootfontein, SWA

Gatooma

Grootdrink

Boskamp

Kalkweg

Wilgenhoudsdrift

Burgersdorp

Empangeni

Tempe, Bloemfontein

Pretoria-Oos

Waterval


Fochville

Hendrina

Rietfontein, Winburg


Roosville-saal (1936)

*Alle ongenoemde kerke is kerke van die Sustergemeentes, d.w.s. NG, NH en Gereformeerd.



*GEDENKSTEEN VIR DIE GRAF VAN MEV GENL DE WET.—Hierdie ontwerp van die bekende argitek, mnr. Gerard Moerdyk, is aangeneem vir die gedenksteen op mev. genl. De Wet se graf. Die paneel word voorberei deur die beeldhouer Coert Steynberg en stel mev. genl. De Wet voor waar sy die petisie stukkend skeur waarin die vroue in die kampe die burgers op kommando moes versoek om die oorlog te staak.*





Ou Volkskasgebou, Sentraalstraat, Pretoria

# TOAST LIST.

| | |
|---|---|
| "The King" | The President. J. Lockwood Hall, F.R.I.B.A. |
| "The Governor General" | The President. |
| "The Union of South Africa" | Proposed by the President, Response by The Hon. W. Madeley Minister for Public Works. |
| "The Province of the Transvaal" | Proposed by F. Williamson A.R.I.B.A. Response by The Hon. J.H. Hofmeyr Administrator of the Transvaal. |
| "Our Guest" | Proposed by W. H. Stucke F.R.I.B.A. Response by Sir Herbert Baker, A.R.A., F.R.I.B.A. |
| "The Profession" | Proposed by Dr. Hjalmar Reitz. Response by The President and Gerard Moerdijk. A.R.I.B.A |
| "The Visitors" | Proposed by F. L. H. Fleming. F.R.I.B.A. Response by A. Law Palmer, Mayor of Johannesburg. |



*Dinner · in · Honour of*

SIR HERBERT BAKER *A.R.A., F.R.I.B.A.*

CARLTON HOTEL JOHANNESBURG
AUGUST 15th 1927

*The Transvaal Institute of South African Architects*

ANDER GEBOUE

| | |
|---|---|
| Landbank – Bloemfontein | |
| Reserwebank – Bloemfontein | |
| Sonop Gebou – Bloemfontein | |
| Capital Teater – Bloemfontein | |
| Fisika Gebou UOVS | |
| H. v. d. Merwe Scholtz-saal, OVS | |
| Teologiese Skool – Potchefstroom | |
| Trekkergedenkteken – Nelspruit | |
| Vrouemonument – Klerksdorp | |
| Gedenkteken – Mev. Generaal de Wet se graf | |
| Voortrekkermonument – Pretoria | |
| Hospitaal Middelburg, Tvl. | |
| Engelse Laerskool – Pietersburg | 1931 |
| Monument Hoërskool – Krugersdorp | 1935 |
| Hoërskool Koshuis – Middelburg | 1931 |
| Stadsaal – Potgietersrust | 1932 |
| Stadsaal – Heidelberg | |
| Moedersbond – Pretoria | |
| Normaal Kollege – Johannesburg | |
| Stasie – Johannesburg | |
| Biblioteek – Universiteit Pretoria | 1939 |
| Verbetering van ruskampe – Kruger-wildtuin | 1935 |
| Ingangshek tot Engelenburghuis – Pretoria | |
| Libertas – Pretoria | 1935 |
| Huis vir prinsipaal, Normaal Kollege – Johannesburg | 1932 |
| Huis Douw van der Merwe – Muckleneuk, Pretoria | |
| Huis Moerdyk, Devenishstraat – Pretoria | 1932 |
| Pastorie – Rustenburg | |

Volkskasgebou, Sentraalstraat – Pretoria

Volkskas – Heilbron

Chemi Gebou, UP 1942

NASLAANWERKE


1. A History of Architecture on the comparative Method – Banister Fletcher
2. Our South Africa, Past and Present – C. G. Botha
3. Amptelike Program en gedenkboek – Inwyding van die Monument, Pretoria, 13 - 16 Desember, 1949
4. Sentrale Voortrekker Eeufeesboek: 1838 - 1938
5. Die Voorligter, Desember 1949
6. Die Huisgenoot, Eeufeesuitgawe, Desember 1938
7. Gedenkboek, Voortrekker Eeufees, 1838 -1938
8. Old Dutch Buildings and their influence on the architecture of South Africa – Gerard Moerdyk (Canegiebeurs)
9. Old Colonial Houses of the Cape of Good Hope – Alys Fane Trotter
10. Die Kultuurskakel, Deel III, nr. 3/4, Des. 1938
11. Die Geskiedenis van Boukuns – Gerard Moerdyk
12. Kerkgeboue vir Suid-Afrika – Gerard Moerdyk
13. Die Kerkblad, Eeufeesuitgawe, 7 Desember, 1938
14. Koers, Deel VI, nr. 3, Desember 1938
15. Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, Deel IV, nr. 7, Augustus 1936
16. Jaarboek, NHSV, 1949
17. The Saga of the Great Trek – J. J. Bond
18. Inspan, Januarie 1950, Jaargang 9, nr. 4
19. Die Staatsamptenaar, Desember 1949
20. Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, Deel I, nr. 12, Augustus 1924
21. Verskeie koerante vanaf 1921 - 1955


UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY